

15. Ekumenisiteit

15.1 RAPPORT DEPUTATE VIR EKUMENIESE SAKE (Artt.83, 194, 226)

- A. Ds. B.C.G. Fourie stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit. Finansiële implikasies word verwys na die Finansiële Kommissies.
- C. Ds. J.J. Cloete stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Inleiding

Vir elke onderafdeling word die stof onder die volgende hoofde aangebied:

- 1. Opdrag
- 2. Die Sinode neem kennis
- 3. Die Sinode oordeel
- 4. Die Sinode besluit (Aanbevelings)

Besluit: Kennis geneem.

2. Begripsopheldering

Bylae 5.2 by Oorspronklike Rapport : Notule 21/5/99)

2.1 Die Sinode neem kennis

2.1.1 Motivering vir omskrywing van tersaaklike begrippe

2.1.1.1 In uitvoering van die opdrag “*om deurlopend kontak te maak* met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49”, teen die agtergrond daarvan dat “elke meerdere kerkvergadering kan vanself oordeel oor die wyse van *ekumeniese kontak* met ekumeniese instansies, bewegings en/of Kerkgemeenskappe met wie die GKSA nie in korrespondensie staan nie” (Acta 1997:176, 3.1.1; 3.2.1), en in die lig van die opdrag om met ’n aantal kerke van Gereformeerde Belydenis *kontak te maak* (Ibid:178, 3.9) (deurgaans ons kursivering), oordeel die Deputate dat dit noodsaaklik is dat Sinode 2000, in lyn met vorige Sinodebesluite, begrippe soos *korrespondensie*, *betrokkenheid* en *ekumeniese kontak* duidelik omskryf.

2.1.1.2 Die Sinode van 1967 het *die aansluit* by ekumeniese bewegings afgewys, maar toe reeds gestel: “Tog mag dit nodig wees om *een of ander vorm van kontak* daarmee te maak met die oog op die herstel van verbroke eenheid van die kerk” (Acta 1967:367, 6). Hierdie suggestie van *een of ander vorm van kontak*, wat binne die raamwerk van kontak met ander kerkgemeenskappe gedefinieer moet word, is nooit met betrekking tot die draagwydte van die begrip *korrespondensie* deur ’n Sinode omskryf nie. Dit lei tot die vraag wat in die Deputaterapport op die Sinode van 1991 gestel word: “Is daar nie ’n verskil tussen aansluiting (met kompromittering) en ’n *ander vorm van kontak* nie?” (Acta 1991:152, 1.3 - ons kursivering). Dié verskil is eweneens nog nie omskryf nie.

2.1.1.3 “Die term *korrespondensie* hoef nie vervang te word deur ’n ander term wat beter sal pas by die huidige omstandighede nie, maar dit moet slegs nader omskryf word” (Acta 1955:163, c (1)). Hierdie “nadere omskrywing” het tot die begrip van *korrespondensie in enger sin* en *korrespondensie in ruimer sin* gelei wat *kerklike korrespondensie* (een kerkverband oor landsgrense) en *interkerklike korrespondensie* (korrespondensie tussen kerkverbande) inhoud (Acta 1955:163, c (3)). Nadat die Sinode van 1979 hierdie onderskeid laat verval het (Acta 1979:45, 4.1.3.1), is nog nie ’n nuwe of verdere omskrywing van die begrip *korrespondensie* gemaak nie.

- 2.1.1.4 “Vir die toekoms, ook in ons eie land, moet daarmee rekening gehou word dat kerklike korrespondensie steeds nader omskryf moet word, na die eis van omstandighede” (Acta 1961:528, c).
- 2.1.1.5 Benewens die leemte wat in 2.1.1.2 en 2.1.1.3 aangetoon is, het die omskrywing van genoemde begrippe ook in ooreenstemming met die realiteit van 2.1.1.4 noodsaaklik geword omdat dit geblyk het dat kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* in korrespondensie is, sowel as kerkgemeenskappe met wie ekumeniese kontak gemaak is, aan genoemde begrippe nie altyd dieselfde vertolking as die *GKSA* gee nie. As motivering word enkele ander kerkgemeenskappe van Gereformeerde Belydenis se vertolking van *korrespondensie* en verwante begrippe weergegee.
- 2.1.2 Ander Gereformeerde Kerkgemeenskappe se vertolking van korrespondensie en verwante begrippe
- 2.1.2.1 Die **Reformed Churches of New Zealand** gebruik nie die begrip *korrespondensie* nie, hulle praat van “*Sister Church Relationship*”, wat as “*direct denominational relationship*” omskryf word. Die betekenis van dié begrippe is volle kerklike gemeenskap, wat basies op dieselfde neerkom as die *GKSA* se beskouing van *korrespondensie* (Acta 1979:42, 3.2.1).
- 2.1.2.2 Die **Free Church of Scotland** handhaaf “*Corresponding Churches and Societies*” waardeur aan die inbegrepe instansies die bevoegdheid verleen word om die Sinode te mag toespreek. Op hierdie wyse gee hierdie kerkgemeenskap erkenning aan eenheid met ander kerkgemeenskappe. Verteenwoordigers van ander kerkgemeenskappe mag “*in no case*” die Sinode toespreek nie (Acta 1979:42, 3.2.2).
- 2.1.2.3 Die **Christian Reformed Church (USA)** het in 1974 korrespondensie in enger en ruimer sin (“*Sister Church Relationship*” en “*Correspondence Church*”) geherformuleer tot “*Churches in Ecclesiastical Fellowship*”. Dit hou in dat predikante nie langer oor en weer beroepbaar sal wees nie, maar dat wel “*occasional pulpit fellowship*” onderhou sal word (Acta 1979:42, 3.2.3).
- 2.1.2.4 Die **Christelike Gereformeerde Kerk** handhaaf *korrespondensie*, wat gelyk is aan kerkverband, soos die *GKSA*. Maar dan onderskei hulle *korrespondensie* van *kontak* wat *kerklike gesprek* beteken en selfs onderlinge raadpleging oor revisie van Belydenisskrifte en Formuliere inhou (Acta 1979:43, 3.2.5).
- 2.1.2.5 Die **Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland** erken slegs korrespondensie in die betekenis van kerkverband. Derhalwe sluit dié kerkgemeenskap dubbele korrespondensie uit (Acta 1979:42, 3.2.6).
- 2.1.2.6 Die **Gereformeerde Kerken in Nederland**, met wie die *GKSA* in 1976 korrespondensie verbreek het, onderskei tussen *korrespondensie in enger sin* wat kerkverband impliseer, en *korrespondensie in ruimer sin* wat beperk word tot afvaardiging na sulke kerke se Sinodes (Acta 1979:42, 3.2.4). Met ander binnelandse kerke van Gereformeerde Belydenis word “*betrekkinge ... ter bevordering van het herstel der eenheid*” onderhou. Met ander buitelandse kerke van Gereformeerde Belydenis word ter wille van samewerking *kontak* gesoek in soverre dit as verantwoordbaar beskou word (Acta 1979:42, 3.2.4). (Sedertdien is daar in die *GKN* ’n beweging (samen op weg) om met die Nederlandse Hervormde Kerk en die Lutherse Kerk een kerkverband te vorm.)
- 2.1.2.7 Die **Orthodox Presbyterian Church** in die USA, sowel as verskeie ander kerkgemeenskappe wat in die Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke (*IKGK*) verteenwoordig word, praat veelal van “*Fraternal Ties*”, waaronder verskillende grade van hegtheid van kerklike bande verstaan word.
- 2.1.3 Agtergrond met betrekking tot *GKSA* Sinodebesluite
- 2.1.3.1 Die Sinode van 1970 stel dat die eenheid van Gereformeerde Kerke “as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping” gesien moet word (Acta 1970:69).

- 2.1.3.2 Teenoor die ekumeniese lyn wat op 'n “volwaardige ekumeniese sinode” volgens KO, art. 29 moet uitloop (Acta 1970:80; 1979:46), en wat as *hegte ekumene* beskou moet word, is daar ook 'n lyn van *losser ekumene* (Acta 1997:170) soos dié van 'n *ekumeniese beweging* waarin kerkgemeenskappe verteenwoordig word (Acta 1970:88). In hierdie “losser samevoeging” van kerkgemeenskappe is *aansluiting* uitgesluit (Acta 1967:367), maar “een of ander vorm van kontak” is kragtens KO, art. 49 gewens (Acta 1967:367; 1970:89).
- 2.1.3.3 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot beleving van *eenheid* (kerke wat een in leer, diens en tug is), wat begrens is, en die roeping tot *ekumenisiteit*, wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta 1967:366).
- 2.1.3.4 Met die *eenheid* van die kerk word nie *eendersheid* van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uitwendige verskille, byvoorbeeld in liturgie en bedieningsmetodes, tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta 1997:171, 2.1.1.4).
- 2.1.3.5 Die doel van die ekumeniese gesprek is “die uitdra van die universele evangelie waardeur ‘alle kerke onder alle volksgroepe ... tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer’ opgeroep word” (Acta 1994:195, 2.2.1.1; vgl. 1967:366).
- 2.1.3.6 “Die ekumeniese roeping is dan gerig op ‘herstel van die eenheid van die kerk’” (Acta 1967:365).
- 2.1.3.7 Die term wat gebruik word om uitdrukking aan kerklike eenheid oor landsgrense te gee, is *korrespondensie*.
- 2.1.3.8 Die term *korrespondensie* kom in die Dordtse Kerkorde van 1618/19 in artikels 48 en 52 voor as “'n tussenkerklike handeling om kerklike eenheid te behou en te beoefen”. Hiervolgens is *korrespondensie* die uitdrukking van kerkverband (Acta 1979:40, 3.1.1; 3.1.2).
- 2.1.3.9 Vanaf 1949 het die Sinodes van die GKSA die volgende onderskeid gemaak:
- “Kerklike korrespondensie in enger sin wat gelykstaan aan kerkverband oor nasionale grense”, en
 - “Kerklike korrespondensie in wyer sin wat nie kerkverband inhou nie, en wat onderhou word met kerke binne en buite die nasionale grense” (Acta 1979:41, 3.1.4.2).
- 2.1.3.10 Die Sinode van 1952 gebruik die term *offisiële korrespondensie* in plaas van *korrespondensie in enger sin*. Waar *korrespondensie in enger sin* in voorbereiding is, word van *kerklike kontak* gepraat.
- 2.1.3.11 Die Sinode van 1964 maak onderskeid tussen kerke in *verskeidenheid* en in *geskeidenheid*. “Met die eerste is daar en moet daar wees *kerkverband*, met die tweede *samespreking* en/of *samewerking*. *Samewerking* vereis reeds samestemming oor belangrike punte van die Konfessie en kerkregering” (Acta 1979:42, 3.1.4.3).
- 2.1.3.12 Die Sinode van 1967 definieer *gesprek* as “geen eensydige monoloog nie, daar moet getuienis en selfondersoek wees ... onderwerping aan die Skrif as uitgangspunt ... die doel is *herstel van gemeenskap* langs die weg van *reformasie* op grond van God se Woord” (Acta 1979:42, 3.1.4.4).
- 2.1.3.13 Die Sinodes van 1955 (Acta 1955:298) en 1958 (Acta 1958:68) het korrespondensie met meer as een kerk in dieselfde land afgewys. Sedert 1961 (Acta 1961:526, 534) het die insig ontwikkel “dat gelyktydige korrespondensie ... met kerke oor die nasionale grense wat in verskillende kerkverband is, en waarmee daar eenheid in leer, diens en tug bestaan, onderhou kan word. Hierdie moontlikheid word geskep deurdat die verdeling en skeiding van kerke wat in een land voorkom, nog glad nie die kerke in ander lande in daardie geskilpunte betrek nie, omdat hulle in wese nog *oopstaan* ten opsigte van die sake wat die gemoedere elders verdeel” (Acta 1961:528, 529; 1979:41).
- 2.1.3.14 Die Sinode van 1979 besluit dat die onderskeid tussen *enger* en *ruimer* korrespondensie verval (Acta 1979:45, 4.1.3.1), maar anders as die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland* besluit die Sinode dat dubbelkorrespondensie steeds moontlik is: “Vanweë die realiteit van die

- onvolkomenheid en gebrokenheid van die strydende kerk kan korrespondensie nodig wees met meer as een kerk(verband) in dieselfde land” (Acta 1979:46, 2).
- 2.1.3.15 Slegs die term *korrespondensie* word gehandhaaf en wel in die betekenis van eenheid in leer, diens en tug, dit wil sê in die betekenis van *kerkverband* (Acta 1979:45, 4.1.1).
- 2.1.3.16 Kerkverband moet dus ooreenkomstig KO, art. 51 en die belydenis van die algemeenheid (katolisiteit) van die kerk geïnstitueer word tot op ekumeniese vlak in ’n volwaardige ekumeniese Sinode “ter behoud en beoefening van die eenheid in leer, diens en tug” (Acta 1979:45, 4.1.2).
- 2.1.3.17 Die term *kerklike gemeenskap* word afgewys vir die beskrywing van kerklike verhoudinge waar eenheid in leer, diens en tug nie bestaan nie, “aangesien die Bybelse begrip ‘gemeenskap’ die eenheid impliseer” (Acta 1979:45, 4.1.3.2).
- 2.1.3.18 Kerklike verhoudinge wat nie onder korrespondensie val nie, word op meriete in elke individuele geval vasgestel “soos dit nodig word” (Acta 1979:45, 4,1,3,4).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Die Sinode oordeel

- 2.2.1 In die ekumeniese gesprek, wat in konsentriese sirkels realiseer van versigtige verkenningsgesprekke met die doel van samewerking om op die lang termyn by een kerkverband uit te kom, tot gesprekke ter voorbereiding van een kerkverband, tot die totstandkoming van een kerkverband, kan nie ongedifferensieerd met slegs die enkele begrip *korrespondensie* volstaan word nie.
- 2.2.2 Al is ekumeniese verhoudinge op pad na een kerkverband ’n proses in beweging, en al is daar dus nie ’n statiese of strukturele afsluiting in die begrippe waarmee hierdie ekumeniese proses omskryf word nie, is dit tog noodsaaklik om begripmatig en dus terminologies te onderskei tussen die onderskeie fases van ekumeniese gesprekke, soos dié wat op samewerking afgestem is met die langtermyn moontlikheid van een kerkverband en dié in voorbereiding tot een kerkverband.
- 2.2.3 Deur begrippe terminologies in lyn met Sinodebesluite te differensieer, in die mate wat dit terselfdertyd kan ooreenstem met terme wat reeds in die Gereformeerde ekumene geïk word, kan verwarring op dié terrein uitgeskakel word.
- 2.2.4 Die begrip *ekumeniese eenheid* gee, sowel vanweë die historiese fundering en tradisionele betekeniswaarde, as die bekendheid daarvan in die Gereformeerde ekumene, die beste uitdrukking aan een kerkverband. Hierdie term veronderstel dus die realisering van een kerkverband deur erkenning van attestate, kanselruil en beroepingsmoontlikhede oor en weer. In dié term word byvoorbeeld die begrip van *Sister Church Relationship*, sowel as dié van *Churches in Ecclesiastical Fellowship* geakkommodeer.
- 2.2.5 Die begrip *ekumeniese bande* wat reeds in die *IKGK* geïk is en dus deur verskeie kerkgemeenskappe in die Gereformeerde ekumene gebruik word, gee uitdrukking aan sowel die verhouding tussen kerkgemeenskappe waar voorbereidende gesprekke plaasvind met die oog op een kerkverband as die verhouding van kerkgemeenskappe wat verskillende (Gereformeerde) belydenisse onderskryf en tog ’n gelyksoortige leer, diens en tug onderhou, soos dit in die nuut gestigte Konvent tot uitdrukking kom.
- 2.2.6 Die begrip *ekumeniese kontak* kan gebruik word om die ekumeniese verhouding met kerke uit te druk met wie die *GKSA* in dieselfde ekumeniese vergaderings sit, sonder dat noodwendig *ekumeniese eenheid*, of *ekumeniese bande*, onderhou word - soos in die *ICRC (IKGK)*, die *REC* en *NAPARC*. Die term *ekumeniese kontak* druk ook die verhouding tussen kerkgemeenskappe uit wat gesamentlike take in dieselfde gemeenskap onderneem, sonder dat noodwendig *ekumeniese bande* of *ekumeniese eenheid* veronderstel word. Met hierdie term kan dus byvoorbeeld ook die verhouding van die *GKSA* met die *NGK*, die *NHKA* en die *APK* omskryf word, sowel as verhoudinge wat met kerkgemeenskappe realiseer wat in *TEASA* (The Evangelical Association of South Africa) en *AEA* (Association of Evangelicals in Africa) verteenwoordig word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Die Sinode besluit

Aanbevelings

Die volgende begrippe word gebruik om die verskillende fases in die ekumeniese gesprek te onderskei:

- 2.3.1 In die binneste sirkel, waar korrespondensie (eenheid in kerkverband) uitgedruk word, praat ons van *Ekumeniese Eenheid/Ecumenical Unity*.
- 2.3.2 In die tweede sirkel, waar gesprekke en samewerking plaasvind ter voorbereiding van een kerkverband, praat ons van *Ekumeniese Bande/Ecumenical Ties*.
- 2.3.3 In die derde en wydste sirkel, waar gesprekke en samewerking plaasvind met die doel van die uitbreiding van die koninkryk (gesamentlike optrede en profetiese getuigenis) en met die langtermyn doel van een kerkverband, praat ons van *Ekumeniese Kontak/Ecumenical Contact*.

Besluit: Punt 2.3 in geheel goedgekeur.

3. Skakeling met ekumeniese vergaderings

3.1 Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke (IKGK/ICRC)

3.1.1 Opdrag

3.1.1.1 Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).

3.1.1.2 Die Deputate kry opdrag om kontak te maak met die IKGK (Acta 1997:176, 3.1.4).

3.1.1.3 Vergelyk ook die opdrag in 3.3.1.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Die Sinode neem kennis

3.1.2.1 Waarnemers by die 4e Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke (IKGK/ICRC)

Drie van die Deputate, dr. C.J. Smit, prof. J.M. Vorster en ds. B.C.G. Fourie het die konferensie deur middel van selfverkreë borge en eie bekostiging in Seoul bygewoon.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3.1.2.2 Gesprekke met verteenwoordigers van kerke met wie die GKSA in korrespondensie is

3.1.2.2.1 Gesprekke is met verteenwoordigers van die volgende kerke gevoer waarmee ons korrespondensie het, wat ook lede van die konferensie is of die konferensie as waarnemers bygewoon het: CGKN, FCS, RCNZ, RCJ, PCK.

3.1.2.2.2 Die CRC, RCA en GKNedl is nie lid van die konferensie nie en het ook nie waarnemers gestuur nie.

3.1.2.2.3 Die volgende sake is met die verteenwoordigers van elkeen van dié kerke bespreek, na oorleg met die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke (DKBK), op sterkte van 'n kredensiebrief wat deur genoemde Deputate uitgereik is:

- Korrespondensie in die algemeen
- Sake wat deur die Sinode onder studie geneem is en waarvoor advies gevra is naamlik:
 - Die gebruik van die Nagmaal met beker en/of kelkies
 - Die vrou in die amp
 - Art. 4 van die *Apostolicum*
- Sommige verteenwoordigers het die probleem van geëmigreerde Suid-Afrikaners wat kerklik vervreemd raak in die lande waarin hulle hul bevind, geopper.

3.1.2.2.4 Die Deputate se bevindings van dié gesprekke is aan die DKBK gerapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2.3 Gesprekke met verteenwoordigers van kerke met wie die GKSA nie in korrespondensie is nie (volledige besonderhede is in die notule van die Deputate beskikbaar)

3.1.2.3.1 Gedurende die tyd wat die konferensie geduur het, is gesprekke met 23 kerke gevoer:

- The Free Reformed Churches of Northern America (FRCNA)
- The United Reformed Churches in North America (URCNA)

The Associate Reformed Presbyterian Church in Canada (*ARPCC*)
 The Reformed Church in the United States (*RCUS*)
 The Reformed Presbyterian Church of North America (*RPCNA*)
 The Canadian Reformed Churches (*CANRC*)
 The Orthodox Presbyterian Church (*OPC*)
 The Independent Presbyterian Church of Mexico (*IPCM*)
 The Church of Christ in Sudan among TIV (*NKST*)
 Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) (*GKNV*)
 The Evangelical Presbyterian Church of Ireland (*EPCI*)
 The Federation of Reformed Presbyterian Churches in Cardiff (*RPCC*)
 The Reformed Presbyterian Church of Ireland (*RPCI*)
 The Presbyterian Church of Australia (*PCA*)
 The Presbyterian Church of Eastern Australia (*PCEA*)
 Gereja Gereja Reformasi di Indonesia NTT (*GGRI*)
 Gereja Gereja Masehi Musyafir NTT (*GGMM*)
 Taiwan Reformed Presbyterian Church (*TRPC*)
 Lanka Reformed Church (*LRC*)
 The Free Church of Central India (*FRCI*)
 The Reformed Presbyterian Church North East India Synod (*RPCNI*)
 The Free Church in Southern Africa (*FCSA*)
 Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (*VGKSA*)

3.1.2.3.2 *Die inhoud van die gesprekke is op die volgende gebaseer:*

- Bekendstelling van die *GKSA*
- Amptelike besonderhede
- Inligting en versoek om skriftelike bekendstellingstukke
- Belydenis en geloofspraktryk
- Kerkregering en -organisasie
- Opleiding
- Sendingwerk
- Behoeftes aan ekumeniese kontak en -bande
- Ander ekumeniese bande

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2.4 *Bevindings oor kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is (kyk 3.1.2.2)*

3.1.2.4.1 Verteenwoordigers van verskeie kerkgemeenskappe het dit gestel dat die *GKSA* se bydraes met betrekking tot prinsipiële en praktiese aangeleenthede in die ekumeniese wêreld gemis word.

3.1.2.4.2 Aktuele probleme wat kerkgemeenskappe ervaar, sou ook graag in diepte by wyse van persoonlike ontmoeting met ons bespreek word, terwyl daar ook vrae met betrekking tot die *GKSA* is wat indringend met ons deurgepraat sou wou word. Gebrek aan inligting en persoonlike ontmoeting - ekumeniese eenheid op 'n sigbare wyse - bring die sin van korrespondensie onder die vergrootglas:

- Die *CGKN* se verteenwoordigers het die gemis aan afgevaardigdes op hulle Sinodes pertinent genoem, veral in die lig daarvan dat hulle deur die afgelope jare gereeld afgevaardigdes na ons Sinodes, vir die volle duur van die Sinode, gestuur het.
- Die *RCNZ* se verteenwoordigers het dringend versoek dat Deputate van die *GKSA* hulle Sinodes bywoon.
- Die *RCJ* se verteenwoordigers het gestel dat hulle ons korrespondensie as onbevredigend beleef en het 'n spesifieke versoek gerig dat afgevaardigdes van die *GKSA* hulle Sinodes bywoon

•••• Die *FCS* en die *PCK* se verteenwoordigers het soortgelyke versoeke gerig.

- 3.1.2.4.3 Die *GKSA* sou, soos in die verlede toe daar geredeliker ontmoetings moontlik was, ook baie kon leer by die benadering en probleemoplossings van dié kerkgemeenskappe, veral waar dit veelal dieselfde probleme is wat in dieselfde tyd in 'n ander wêrelddeel op ons pad kom. Oor sommige van die probleme waaroor die *GKSA* tans na oplossings soek, het sommige van dié kerkgemeenskappe reeds op grond van deeglike Skrifstudie besluite geneem, soos oor die beker/kelkie-kwessie, die vrou in die amp, vroulike diakens (bevestig in 'n eie diens, of nie).

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2.5 *Bevindings oor kerkgemeenskappe met wie die GKSA nie in korrespondensie is nie (kyk 3.1.2.3)*

- 3.1.2.5.1 Daar is 'n wêreldkaart van Gereformeerde kerke waarmee die *GKSA* nie ekumeniese kontak het nie.
- 3.1.2.5.2 Ook in dié kerkgemeenskappe bestaan daar 'n uitgesproke behoefte aan die *GKSA* se prinsipiële en praktiese bydraes oor die vraagstukke van die dag.
- 3.1.2.5.3 En ook uit dié kerkgemeenskappe kan die *GKSA* verryk word deur hulle antwoorde uit die Skrif op dieselfde vraagstukke waarmee ons te kampe het, én deur hulle prosedures en kerklike styl.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Die Sinode oordeel

- 3.1.3.1 Die waarde van persoonlike ontmoetings in die kerk se ekumeniese roeping, mag nie onderskat word nie.
- 3.1.3.2 Juis deur persoonlike ontmoetings kan die kerke se roeping om mekaar wêreldwyd te ondersteun, mekaar te verryk, mekaar te vermaan, van mekaar te leer en saam diensbaar te wees aan die uitdra van die Evangelie in die wêreld, soveel beter tot sy reg kom.
- 3.1.3.3 Die verwaarlosing van ekumeniese bande en kontakte, én die verwaarlosing van die sigbaarmaking van ekumeniese eenheid, hou vir die plaaslike kerke nie net groot nadele in nie, maar ook groot gevare. Dit bring die wesenseienskappe van die kerk van die Here - die eenheid, apostolisiteit, katolisiteit en heiligheid - in die gedrang.
- 3.1.3.4 Soos plaaslike kerke hulle gemeenskap met die Here met mekaar in koinonia en in kerkregering deel en in landsverband onderhou, behoort die *GKSA* hierdie gemeenskap ook in ooreenstemming met vorige Sinodebesluite (kyk 2.1.3.1; 2.1.3.5; 2.1.3.6) in daadwerklike en sinvolle ekumeniese kontakte en -bande te beleef.
- 3.1.3.5 In die lig van die genoemde Sinodebesluite is die belewenis van ekumeniese eenheid met kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* in korrespondensie is, sowel as die realisering van ekumeniese bande en -kontakte met kerkgemeenskappe van Gereformeerde grondslag met wie die *GKSA* nog nie in korrespondensie is nie, deur elke haalbare en verantwoordbare metode, maar veral deur persoonlike ontmoetings noodsaaklik.
- 3.1.3.6 Die dringendheid van die ekumeniese roeping word in ons tyd verder prakties onderstreep deur aansienlike getalle Suid-Afrikaners wat die land verlaat en volgens waarneming uit ekumeniese gesprekke (kyk 3.1.2.2.3) in die vreemde dikwels kerklik vervreem raak.
- 3.1.3.7 'n Goeie geleentheid wat benut behoort te word om ekumeniese kontak met ander Gereformeerde kerke te beoefen, is die bywoning van internasionale kerklike konferensies, soos die *IKGK*. Tydens sulke geleenthede kan maksimale ekumeniese kontak teen minimale koste onderhou word. (Op Seoul is byvoorbeeld teen die koste van een besoek vir drie waarnemers werk gedoen wat andersins besoeke aan verteenwoordigers van drie en twintig oorsese kerkgemeenskappe sou kos.) Wanneer sulke konferensies bygewoon word, behoort dié wat gestuur word, gemandateer word om by wyse van konstruktiewe persoonlike onderhoude met soveel moontlik kerkgemeenskappe kontak op te bou, met die doel dat dié ekumeniese kontak na die volgende vlakke van ekumenisiteit voortgesit word.

3.1.3.8 Ekumeniese kontak behoort met die volgende kerkgemeenskappe voortgesit te word met die daadwerklike doel van ekumeniese eenheid (kyk die Notule van die Deputate - 10 November 1997 - by die Oorspronklike Rapport): *FRCNA, ARPCC, RCUS, RPCNA, CANRC, OPC, IPCM, NKST, GKN(V), EPCL, RPCI, PCA, PCEA, GGRI, GGMM, FCSA, VGKSA*.

3.1.3.9 Ekumeniese kontak behoort met die volgende kerkgemeenskappe voortgesit te word met die doel dat ekumeniese bande opgebou word om tot ekumeniese eenheid te vorder (kyk die Notule van die Deputate - 10 November 1997 - by die Oorspronklike Rapport): *URCNA, RPCC, TRPC, LRC, FRCI, RPCNI*.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1.4.1 Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag kry “om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49” (Acta 1997:176, 3.1.1).

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4.2 Die *GKSA* doen aansoek om aan die *IKGK* deel te neem, in oorleg met die Nasionale Sinodes van Soutpansberg en Middellande.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4.3 Die *CGKN*, *OPC*, *FCS* en *RCNZ* word genader om die *GKSA* se aansoek te motiveer en te ondersteun, soos deur die konstitusie van die *IKGK* bepaal word.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode neem met dank kennis van ‘n verkennende gesprek wat ds. B. de Graaf (*CGKN*) reeds in hierdie verband met broeders van die *GKN(V)* gevoer het.

3.1.4.4 Die koste vir deelname en ledegelde word by wyse van raming verhaal. (Verwagte koste: R0,25 per lidmaat per jaar.)

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

3.1.4.5 Deelname aan die *IKGK* vervang nie moontlike kontak met die *GES* of ander ekumeniese liggame nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4.6 Twee afgevaardigdes word deur die Sinode aangewys om die 5de *IKGK* in 2001 by te woon, wat deur die *OPC* aangebied word, met die bykomende opdrag om gesprekke te voer met die *OPC* (kyk 4.4.1.4), die *CRC* en die kerke in *NAPARC* (kyk 4.4.2.4). [Verwagte koste: R25 000.]

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

3.1.4.7 Die verwagte koste, saam met ander voorgestelde kostes, word deur twee spesiale kollekties per jaar in die kerke verhaal word (kyk ook Aanbeveling 7.3.4).

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

3.1.4.8 Die *GKSA* se naam amptelik in Engels *The Reformed Churches in South Africa (RCSA)* ter wille van internasionale kontak sal wees.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4.9 Die nuwe Deputate kontak met die kerke in die *IKGK*, waarmee reeds aanvanklike gesprekke gevoer is, met die oog op ekumeniese bande (kyk 3.1.3.8 en 3.1.3.9). (Die gesprekke kan goedsdiks onder meer ook op die volgende *IKGK* voortgesit word.)

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4.10’n Bekendstellingsbrochure van die *GKSA* in Afrikaans en Engels saamgestel word, gebaseer op dié een wat as *Bylae* by die oorspronklike Rapport aangeheg is, vir bekendstelling en uitbouing van ekumeniese kontak met ander kerkgemeenskappe.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER/REC)

3.2.1 Opdrag

3.2.1.1 Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).

3.2.1.2 Die Deputate maak 'n opname van kerke met wie bande in die afgelope tyd opgeskort is en poog om kontak met hulle te bewerkstellig (Acta 1997:176, 3.1.2).

3.2.1.3 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit nie net oor 'n gesprek oor hoe Kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta 1997:176, 3.2.1).

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 Die Sinode neem kennis

3.2.2.1 Ontmoeting

Op versoek van die Interim Komitee van die GER is 'n ontmoeting op 9 Junie 1997 gehou. Die ontmoeting is ook deur een van die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke bygewoon.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2.2 Gesprek en uitnodiging

3.2.2.2.1 Indringende gesprek is oor die verbreking van die bande tussen die GKSA en die GER gevoer. Die Interim Komitee het die rol wat die GKSA op die GER kan en behoort te speel beklemtoon, terwyl die Deputate veral die vraag gestel het wat wesenlik in die GER se toleransiebeleid van leerverskille verander het sedert die GKSA se onttrekking juis as gevolg hiervan.

3.2.2.2.2 Hoewel die gesprek nie tot uitsluitel gelei het nie, het dit in 'n broederlike gees afgeloop en het die Interim Komitee 'n uitnodiging aan die GKSA gerig om waarnemers na die volgende byeenkoms van die GER in Java, Indonesië, in 2000 te stuur.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 Die Sinode oordeel

3.2.3.1 Verdere kontak

3.2.3.1.1 Verdere kontak met die GER is nodig om van teologiese en kerklike ontwikkelinge in die kerke wat daar vergader - steeds 'n belangrike deel van die Gereformeerde wêreld - kennis te neem.

3.2.3.1.2 By wyse van waarnemers behoort kennis geneem te word van byeenkomste wat die GER onder andere in Suid Afrika reël, veral ten opsigte van sending, jeugsake, die diakonaat, ens.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3.2 Bywoning van konferensie

3.2.3.2.1 Die Sinode oordeel dat die beste kontak met 'n ekumeniese vergadering persoonlike kontak en gesprek is.

3.2.3.2.2 Die GKSA kan sy ekumeniese roeping, ook met betrekking tot die GER, ten beste uitvoer deur waarnemers na die volgende byeenkoms in Java te stuur.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

3.2.4.1 Een of twee waarnemers word na die byeenkoms van die GER in Java gedurende 2000 gestuur. (Die beraamde koste vir een sal ongeveer R10 000 beloop, en vir twee waarnemers R20 000.)

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

3.2.4.2 Die verwagte koste, saam met ander voorgestelde kostes, deur twee spesiale kollektes per jaar in die kerke verhaal word (kyk ook Aanbeveling 7.3.4).

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

3.3 *International Reformed Fellowship (IRF)*

3.3.1 Opdrag

3.3.1.1 *Stuur een of twee waarnemers na die IRF in Augustus 1997 te Seoul, Korea, om moontlike samewerking te ondersoek (Acta 1997:177, 3.6).*

3.3.1.2 *'n Waarnemer word na die volgende vergadering IRF gestuur indien die Deputate fondse kan vind (Acta 1997:178, 3.8).*

Besluit: Kennis geneem.

3.3.2 Die Sinode neem kennis

3.3.2.1 Geen nadere besonderhede kon van die *IRF* opgespoor word nie. Daar is gevolglik nie kontak gemaak met enigiemand in dié verband nie.

3.3.2.2 Selfs navrae by die *IKGK* in 1997 te Seoul het geen inligting gebied nie.

3.3.2.3 Belanghebbendes van kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* in korrespondensie is, kon eweneens geen inligting in verband met die *IRF* verskaf nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.3 Die Sinode oordeel

3.3.3.1 Die feit dat die Deputate nie inligting oor die *IRF* kon bekom nie, beteken nie dat geen verdere pogings tot inligting, en gevolglike kontak met die *IRF*, geloods moet word nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.3.2 In die lig van die beoordeling van die *IRF* deur die vorige Deputate (Acta 1997:175, 176) en die gevolglike besluit van Sinode 1997 dat waarnemers na die vergadering van die *IRF* gestuur moes word, indien die fondse daarvoor gevind kon word (Acta 1997:177, 178, 3.6 en 3.8), behoort die beoogde kontak voortgesit te word.

Besluit: Goedgekeur.

3.3.4 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Die nuwe Deputate gaan voort om kontak met die *IRF* te soek.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 The Association of Evangelicals in Africa (AEA) & The Evangelical Association of South Africa (TEASA)

3.4.1 Opdrag

3.4.1.1 *Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1976:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdienstsuitendings, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).*

3.4.1.2 *Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).*

3.4.1.3 *In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit nie net oor 'n gesprek oor hoe Kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta 1997:176, 3.2.1).*

Besluit: Kennis geneem.

3.4.2 Die Sinode neem kennis

3.4.2.1 *Konferensie*

Twee Deputate, prof. B.J. van der Walt en ds. I.W. Ferreira, het die konferensie in Johannesburg gedurende Desember 1997 bygewoon.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.2.2 *Stukke*

Die kongresstukke is aangevra om geëvalueer te word.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.3 Die Sinode oordeel

3.4.3.1 Dit is deel van die GKSA se ekumeniese roeping om as waarnemers by hierdie ekumeniese liggaam, waarin 'n "Kontinentale Beweging" verteenwoordig word, betrokke te bly.

3.4.3.2 In die lig van die groot aantal onafhanklike Afrikakerke wat hierby betrokke is, is dit vir die GKSA 'n gunde geleentheid om op dié wyse iets van sy roeping ten opsigte van dié kerke in Afrika na te kom.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.4 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Die nuwe Deputate kry opdrag om by die werksaamhede van die AEA en TEASA as waarnemers betrokke te bly en op dié vlak gereformeerde insette te bly lewer.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 Die Suid Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)

3.5.1 Opdrag

Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1976:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdiensuitsendings, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).

Besluit: Kennis geneem.

3.5.2 Die Sinode neem kennis

3.5.2.1 *Kontak*

Verskeie pogings is gemaak om kontak met die SARK te kry en as waarnemers betrokke te bly. Geen vordering is egter gemaak nie vanweë die feit dat die SARK nie op navrae geantwoord het nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.5.2.2 *Invloed*

Dit het duidelik geword dat die invloed wat die SARK in die verlede gehad het, klaarblyklik besig is om te taan.

Besluit: Kennis geneem.

3.5.3 Die Sinode oordeel

Hoewel die SARK nie meer dié invloedryke kerklike organisasie is wat dit in die verlede was nie, geld die opdrag steeds, soos deur vorige Sinodes geformuleer (kyk 3.5.1).

Besluit: Goedgekeur.

3.5.4 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Die nuwe Deputate word opgedra om steeds voort te gaan om kontak met die SARK te verkry.

Besluit: Goedgekeur.

3.6 Raad van Kapelaansdienste

3.6.1 Opdrag

Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1976:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdienstsendinge, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).

Besluit: Kennis geneem.

3.6.2 Die Sinode neem kennis

3.6.2.1 Prof. J.M. Vorster is as voorsitter van die Christelike Adviesraad aangewys.

3.6.2.2 Dié Raad is tans die wyds verteenwoordigde ekumeniese liggaam in die land.

3.6.2.3 Die fokus val veral op die kerk-staat verhouding.

3.6.2.4 In die Raad word goeie samewerking en eenstemmigheid beleef.

Besluit: Kennis geneem.

3.6.3 Die Sinode oordeel

Die Deputate ontvang, onder meer deur die voorsitterskap van prof. J.M. Vorster, 'n besondere geleentheid om positiewe insette in hierdie liggaam te lewer.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3.6.4 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Die nuwe Deputate gaan voort om insette en getuienis ter uitbreiding van die koninkryk in hierdie ekumeniese liggaam te lewer.

Besluit: Goedgekeur.

3.7 Die Onafhanklike Uitsaai Owerheid (OUO) en Christen Netwerk (CNW)

3.7.1 Opdrag

Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1976:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdienstsendinge, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).

Besluit: Kennis geneem.

3.7.2 Die Sinode neem kennis

3.7.2.1 Die Deputate kon bykans geen kontak met die OUO verkry nie, maar wel met CNW.

3.7.2.2 In CNW is tans 19 kerkgemeenskappe verteenwoordig.

3.7.2.3 Dr. P.P. Kruger dien tans op die Uitvoerende Raad van die Teologiese Beleidsraad van CNW.

Besluit: Kennis geneem.

3.7.3 Die Sinode oordeel

Die Deputate ontvang eweneens 'n besondere geleentheid om onder meer deur dr. P.P. Kruger se benoeming gereformeerde inspraak op die Teologiese Beleidsraad van CNW te lewer.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3.7.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

3.7.4.1 Die nuwe Deputate gaan voort om skakeling met die *OUO* te probeer verkry.

3.7.4.2 Ook word voortgegaan om insette en getuienis ter uitbreiding van die koninkryk by *CNW* te lewer.

Besluit: Goedgekeur.

3.8 *Die Rustenburg Beraad*

3.8.1 Opdrag

3.8.1.1 *Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1976:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdienstsendinge, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).*

3.8.1.2 *In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit nie net oor 'n gesprek oor hoe Kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta 1997:176, 3.2.1).*

Besluit: Kennis geneem.

3.8.2 Die Sinode neem kennis

3.8.2.1 Die Deputate het nie kennis van, of 'n uitnodiging, na die Tweede Rustenburg Beraad ontvang nie.

3.8.2.2 Daar is derhalwe geen verteenwoordiger van die *GKSA* gestuur nie.

Besluit: Met spyt kennis geneem.

3.8.3 Die Sinode oordeel

3.8.3.1 Die Rustenburg Beraad was 'n geleentheid wat gulde geleenthede vir Gereformeerde getuienis en insette vir die uitbreiding van die koninkryk gebied het.

3.8.3.2 In die lig van die *GKSA* se ekumeniese roeping moet, waar moontlik, van dergelyke geleenthede gebruik gemaak word.

Besluit: Kennis geneem.

3.8.4 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Die nuwe Deputate word gemandateer om, indien weer 'n Rustenburg Beraad gehou word, dit by te woon. Dergelyke byeenkomste kan op meriete vir bywoning oorweeg word.

Besluit: Besluit goedgekeur.

4. Skakeling met kerkgemeenskappe in die Buiteland

4.1 Opdrag

Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).

Besluit: Kennis geneem.

4.2 Kerke in Afrika

4.2.1 Opdrag

4.2.1.1 *Die opdrag van die Deputate moet gekontinueer word.*

4.2.1.2 *Die Sinode word versoek om vir een of twee Deputate te begroot ten einde 'n persoonlike besoek aan Zaire af te lê.*

4.2.1.3 *Die Deputate verleen samewerking aan die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord ten einde die CRCZ finansiëel te ondersteun* (Acta 1997:177, 3.4.1- 3.4.3).

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2 Die Sinode neem kennis

4.2.2.1 *Besoeke*

4.2.2.1.1 Besoeke is gedurende 1997 en 1998 deur prof. J.H. van Wyk in die Kongo by die Konfessioneel Gereformeerde Kerk in Zaïre/Kongo (*KGKK/CRCZ*) afgelê. Hy is van kredensiebriewe deur die Deputate voorsien en is in 1997 vergesel deur prof. B.J. de Klerk, wat toe deur die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord gestuur is.

4.2.2.1.2 In beide lande het prof. Van Wyk verskeie besoeke by plaaslike kerke afgelê, samesprekings gehou en in 1998 die Sinode geadviseer. Die Sinode van die *KGKK* het korrespondensie aan die *GKSA* aangebied.

4.2.2.1.3 'n Besoek is ook deur prof. Bennie van der Walt aan die *Church of Christ in the Sudan among the Tiv (NKST)* te Gboko in Nigerië in 1998 gebring. Ekumeniese kontakte wat by die *IKGK* te Seoul gelê is, is verstewig. Dié kerk se verteenwoordigers het die *GKSA* hartlik uitgenooi om hulle Sinode in die tweede week van November 1999 by te woon.

4.2.2.1.4 Mede as gevolg van die samesprekings wat die *GKSA* se verteenwoordigers in Seoul by die *IKGK* met dié van die *NKST* gehad het, het die *Reformed Theological College in Uganda*, wat as 'n interkerklike instansie vir teologiese opleiding sterk deur die *NKST* ondersteun word, volle akkreditering en 'n kontraktuele verband met die *PU vir CHO* op 24 Junie 1999 ontvang.

4.2.2.1.5 'n Beoordeling en Aanbeveling oor die *NKST* is reeds onder 3.1.4.9 in konteks met 3.1.3.8 hierbo gemaak en word nie weer hieronder voorgehou nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2.2 *Skrywes*

4.2.2.2.1 Verskeie skrywes is van die kerke in die Kongo ontvang, asook van kerke in Malawi en Ivoorkus.

4.2.2.2.2 Van die skrywes is na die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord verwys, vanweë dié kerk se betrokkenheid deur studentelidmate wat van die Kongo/Zaïre kom, en na die Deputate vir Noodtoestande omdat daar ook versoeke om finansiële hulp was.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3 Die Sinode oordeel

4.2.3.1 *Ekumeniese eenheid (kyk evaluering in Bylae)*

4.2.3.1.1 *Konfessionele oorwegings:* Die *GKSA* staan op dieselfde belydenisgrondslag as die *CRCZ* en die *KGKK*. Afsien van die drie bekende ekumeniese simbole (*Apostolicum, Niceanum, Atanasianum*), onderhou hulle die *Confession Gallicana*, die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls*. (Die *Gallicana* stem baie ooreen met die *NGB*.)

4.2.3.1.2 *Kerkregtelike oorwegings:* Die *KGKK* (en die *CRCZ*) onderhou 'n presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel en gebruik daarvoor 'n aangepaste kerkorde van die *CRC* wat op die Kerkorde van Dordt gebaseer is. Kerkrade van die *KGKK* vergader gereeld, so ook die 27 klassisse, die 7 streeksinodes en die nasionale sinode. Laasgenoemde vergader driejaarliks.

4.2.3.1.3 *Liturgiese oorwegings:* Essensieel volg die plaaslike kerke 'n Gereformeerde liturgie wat volgens styl en inkleding dié van Afrika is. Naas Psalms, op Geneefse melodië, word hier ook, soos by die jong Gereformeerde Kerke in SA, van vrye liedere gebruik gemaak.

4.2.3.1.4 *Teologiese opleiding:* Vier sendelinge vanuit die *GKN(V)* behartig die teologiese opleiding in die *KGKK*. Die doelstelling is dat, soos die jong kerk groei, die nasionale sinode deur 'n kuratorium sterker leiding hier sal neem.

4.2.3.1.5 Indien die opleiding die standaard bereik waarvolgens universitêre akkreditering verkry kan word (byvoorbeeld by die *PU vir CHO*), kan die *GKSA* 'n beduidende diens lewer ter opbouing van dié kerke. Tans is daar wel enkele predikante wat aan die *PU vir CHO* afgestudeer het.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3.2 *Omvattende besoek aan Afrika*

Weens die verskeidenheid versoeke om ekumeniese kontak in Soedan, Uganda, Nigerië, Malawi, Madagaskar, Kongo, Zaïre en ander lande, is 'n uitgebreide en omvattende toer noodsaaklik om met dié kerke kontak op te bou. So 'n projek kan gesamentlik, vanweë gesamentlike verantwoordelikhede, deur die Deputate, die Teologiese Skool en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord aangepak word.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

4.2.4.1 *Ekumeniese eenheid*

4.2.4.1.1 Die *GKSA* bring sy ekumeniese eenheid met die *CRCZ/KGKK* tot uitdrukking deur met dié kerkgemeenskap in korrespondensie te tree (ons wys daarop dat die *GKN(V)* byvoorbeeld reeds korrespondensie met die *KGKK* aangegaan het).

4.2.4.1.2 Soos wat dit moontlik is, word van tyd tot tyd afgevaardigdes na dié kerkgemeenskap se Nasionale Sinodes (op koste van die *GKSA*) gestuur om groete oor te bring en ook as adviseurs op te tree, omdat dié kerkgemeenskap as jong kerke baie geestelike en daadwerklike ondersteuning nodig het.

4.2.4.1.3 Aan die Deputate vir Noodtoestande word opdrag gegee om weë en middele te ondersoek ten einde materiële hulp aan geloofsgenote en ander daar te verleen, gesien die skreiende armoede in daardie lande.

Besluit: Goedgekeur.

4.2.4.2 *Uitgebreide besoek*

Aan die nuwe Deputate word opdrag gegee om 'n uitgebreide besoek deur minstens twee Deputate na Wes-, Midde- en Oos-Afrika (Togo en die Ivoorkus) en Madagaskar te bring. Die samewerking van die *TSP* en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord behoort in die verband versoek te word.

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

4.2.4.3 *Samestelling van Deputate*

Die Deputate vir Ekumeniese Sake word so saamgestel dat 'n benoemde van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord daarby ingesluit word.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 *Kerke in die Ooste*

4.3.1 Die Sinode neem kennis

4.3.1.1 *Kontak*

Kontak is reeds met bepaalde kerke in die Ooste tydens die besoek van die Deputate aan die *IKGK* in Seoul 1997 gemaak (kyk 3.1), waaronder Gereformeerde Kerke in Indië, Taiwan en Sri Lanka.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.2 *Lanka Reformed Church*

Na aanleiding van die ontmoeting en gesprekke met die kerke by die *IKGK*, het die *Lanka Reformed Church* 'n uitnodiging aan die Deputate gerig om daar besoek af te lê. Die Deputate het ds. B.C.G. Fourie afgevaardig om die besoek te bring. Besoek is gedurende Januarie 1999 op eie koste afgelê.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.2.1 *Doelwitte met besoek*

- Feitesending.
- Werf studente vir die BA Theol Telematiese Leerprogram van die *PU vir CHO*.
- Reageer op die versoek om formele bande met die *GKSA*.
- Stel vas watter behoefte daar vir sendingwerk is.
- Werk na die vestiging van 'n Bybelskool en moontlike latere Teologiese Kollege wat eventueel by die *PU vir CHO* kan akkrediteer.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.2.2 *Feitelike bevindinge*

(a) *Kerklike situasie*

Die kerkverband wat in 1996 uit die Dutch Reformed Church Lanka ontstaan het, is baie klein. Daar is in totaal 80 aktiewe gelowiges met nog 'n onsekere aantal onder sorg en toesig. Gereelde eredienste word op vier plekke gehou, nl. Kandy, Kegalle, Anarudhapura en Kalutera aan die kus. Daar is tans geen voltydse predikant nie, wel sendinghulp uit Nederland van die *GKN(V)*.

(b) *Leer en kerkregering*

Dié kerk onderhou die drie Formuliere van Eenheid en 'n kerkregeringstelsel gebaseer op die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Australië word gebruik. (Vergelyk aangehegde bylaes: *Trust Oprigtingsakte, Kerkorde*.) Liturgie en sakramente is Gereformeerde.

(c) *Situasie in die land*

Daar heers geweldige armoede, swak reistoestande en politieke spanning as gevolg van die voortslepende burgeroorlog wat al 18 jaar tussen die *Tamil Tigers* en die Singalese owerheid duur.

(d) *Die mense*

'n Mens kry die indruk van 'n gelate gemeenskap - hulle verstaan Engels goed. Die gebruik van 'n tolk was egter wel nodig om teologiese nuanses te verduidelik. Daar is baie moeite deur die lidmate en belangstellendes gedoen om by die eredienste en ontmoetings uit te kom.

(e) *Studente*

Drie studente het aangedui dat hulle vir die BA Theol-kursus aan die *PU vir CHO* wil inskryf. Hulle het die nodige dokumente en vorms ontvang.

(f) *Behoeftes aan 'n sendeling*

Die behoefte aan 'n persoon/persone wat voltydse leiding kan neem, is dringend. Die situasie is vol belofte vir potensiële groei. In die *public seminars* en eredienste asook met huisbesoek in Anarudhapura was dit opvallend. Verskeie Buddiste is geïrriteerd met hulle godsdiens en toon groot belangstelling in die Gereformeerdes. Selfs mense uit kultiese en sektariese groepe soek aansluiting.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.3 *Singapoer*

Op reis na Sri Lanka, is daar ook kontak gemaak met die *First Evangelical Presbyterian Reformed Church* in Singapoer. Die kerkgemeenskap, wat uit twee gemeentes bestaan, het noue bande met die *Protestant Reformed Church* in Amerika. Verder poog hulle om 'n aktiewe rol by evangelisering in die Filippyne te speel. 'n Verkennende gesprek is met verteenwoordigers gevoer en hulle het stukke vir verdere verwysing aangebied. Daar is ook belangstelling vir die telematiese BA Theol-graad aan die *PU vir CHO*, alhoewel hulle predikante-opleiding tans in Amerika onder sorg van die *Protestant Reformed Church* plaasvind.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.4 *Taiwan*

'n Skrywe is aan die *Taiwan Reformed Presbyterian Church* gerig, maar geen terugvoer is van hulle ontvang nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2 Die Sinode oordeel

4.3.2.1 *Sri Lanka*

Verdere kontak met die *Lanka Reformed Church* is gewens. Die kerk is jonk en Gereformeerde insette en getuienis kan 'n groot rol speel om dié kerk in die Gereformeerde erfenis op te bou. 'n Opvolgbesoek is noodsaaklik om die ekumeniese bande wat reeds gesmee is, te versterk.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2.2 *Singapoer*

'n Ondersoek na die leer en kerkregering van die kerk kan aanduiding bied van watter soort kontak in die toekoms onderhou kan word.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.3 Die Sinode besluit

Aanbevelings

4.3.3.1 Ekumeniese eenheid word met die *Lanka Reformed Church* gesluit, deur met dié kerk in korrespondensie te tree.

4.3.3.2 Die nuwe Deputate ontvang opdrag om 'n opvolgbesoek daar af te lê.

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 7.3.4.3).

4.3.3.3 Verdere ondersoek word ingestel na die moontlikheid van ekumeniese bande met die *FEPRC* in Singapoer.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 *Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) [GKN(V)]*

4.4.1 Opdrag

Die skrywe van die Deputate Betrekkingen Buitelandse Kerken van die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) gedateer Desember 1996 word beantwoord (Acta 1997:176, 3.1.3).

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2 Die Sinode neem kennis

4.4.2.1 *Skrywe*

Die skrywe het tydens die Sinode van 1997 soek geraak. 'n Duplikaat is aangevra en is ontvang. Aan die opdrag van Sinode 1997 is beantwoord deur uitvoerige gesprekvoering met afgevaardigdes van dié kerkgemeenskap, waarvan notule gehou is.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.2 *Ontmoeting*

4.4.2.2.1 'n Ontmoeting tydens die Sinode van die *VGKSA* het op 1 Mei 1998 plaasgevind deur dr. C.J. Smit, prof. J.H. van Wyk en ds. B.C.G. Fourie met twee afgevaardigdes, te wete

- Ds. Tjeerd de Boer (predikant te Meppel, deputaat vir ekumeniese betrekkinge in Afrika & Europa; Kontak: bbk@gbouw.nl), en
- Ds. Bob van Zuylekom (geëmeriteer te Hatten in 1996; Kontak: 012 335 9315)

4.4.2.2.2 Die onderhawige aangeleentheid is jarelank hangende, daarom oordeel die Deputate dat die Sinode behoorlik op die hoogte gebring word van die verwikkelinge tussen die *GKSA* en die *GKN(V)* - oor dié ontmoeting word hier dus uitgebreid gerapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.3 *Versoek vir die ontmoeting*

Die ontmoeting met ons Deputate is deur dié van die *GKN(V)* aangevra na aanleiding van die opdrag van die Sinode van Berkel en Roderijs (1996) om:

- Bestaande kontakte met die *GKSA* te onderhou.
- Daaraan te werk dat die belemmeringe wat bestaan in die ekumeniese verhouding tussen die *GKSA* en die *GKN(V)*, vanweë die *GKSA* se korrespondensie met die *NedIGK*, uit die

weg geruim word.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.4 *Probleem-area én waardering*

4.4.2.4.1 Daar is 'n lang geskiedenis van gesprekke tussen die *GKN(V)* en die *GKSA*. Oor leer, diens en tug was daar nooit probleme tussen die twee kerkgemeenskappe nie, maar wel oor dubbelkorrespondensie. Die *GKN(V)* wou in die verlede nie met die *GKSA* in korrespondensie tree nie, as gevolg van die *GKSA* se ekumeniese bande met die *GKN* (voor 1976), die *GES* (voor 1988), die *CGKN* en nou met die *NedlGK* - bande wat deur die *GKN(V)* summier afgewys is.

4.4.2.4.2 Die afgevaardigdes van die *GKN(V)* druk wel twee lyne van waardering teenoor die *GKSA* uit:

- 'n Algemene waardering en erkenning van die *GKSA* as 'n ware kerk.
- Waardering vir die breking van die bande van die *GKSA* met die *GKN* en die *GES* vanweë Skrifredes.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.5 *Huidige situasie*

4.4.2.5.1 Die *GKN(V)* erken die *GKSA* (sedert Arnhem 1981) as ware kerk en wil graag nou verder op die weg van ekumeniese eenheid vorder.

De GKSA is te erkennen als ware kerk van de Here Jezus Christus, die de drie formulieren van eenheid tot grondslag heeft en een gereformeerde kerkorde heeft aanvaard (Acta 1981, artikel 138).

4.4.2.5.2 Daar bestaan wel nog 'n probleem - geïntensiveer sedert Arnhem 1981 - as gevolg van die korrespondensie van die *GKSA* met die *NedlGK*, vanweë laasgenoemde kerkgemeenskap se beweerde toleransie-benadering, afwyking van die Belydenis en independentisme.

4.4.2.5.3 Die *GKN(V)* het wel begrip daarvoor dat die *GKSA* se bande met die *NedlGK* ook vanweë die sending in Kwa Zulu-Natal onvermydelik is.

4.4.2.5.4 Die Deputate het die afgevaardigdes van die *GKN(V)* op die teenstrydigheid gewys wat deur laasgenoemde kerkgemeenskap (vanuit hulle gesigspunt) gehandhaaf word, deurdat hulle byvoorbeeld wel met die *PCK(KOSIN)* korrespondensie onderhou - terwyl dié kerkgemeenskap tog ook in korrespondensie met die *GKSA* is, met wie die *GKN(V)* korrespondensie afwys.

4.4.2.5.5 In die *GKSA* het 'n ontwikkeling in die denke oor *dubbelkorrespondensie* plaasgevind. Die Sinodes van 1955 (Acta 1955:298) en 1958 (Acta 1958:68) het korrespondensie met meer as een kerk in dieselfde land afgewys. Sedert 1961 (Acta 1961:526, 534) het die insig ontwikkel *dat gelyktydige korrespondensie met kerke oor die nasionale grense wat in verskillende kerkverband is, en waarmee daar eenheid in leer, diens en tug bestaan, onderhou kan word. Hierdie moontlikheid word geskep deurdat die verdeling en skeiding van kerke wat in een land voorkom, nog glad nie die kerke in ander lande in daardie geskilpunte betrek nie, omdat hulle in wese nog oopstaan ten opsigte van die sake wat die gemoedere elders verdeel* (Acta 1961:528, 529; 1979:41). Uit hierdie gesigspunt bied dit vir die *GKSA* byvoorbeeld geen probleem dat die *GKN(V)* ook korrespondensie met die *PCK(KOSIN)* onderhou met wie eersgenoemde in korrespondensie is nie.

4.4.2.5.6 Die afgevaardigdes van die *GKN(V)* en die Deputate van die *GKSA* het na dié indringende gesprek met mekaar ooreengekom dat die eis van die koninkryk van God, en die noodsaaklikheid van ekumeniese eenheid vanweë die apostolisiteit, die katolesiteit en die heiligheid van die kerk van die Here groter as die belemmering van strukturalisme en institusionalisme is, en dat die struktuurverskil wat die *GKN(V)* met die *GKSA* het, die eenheid in die Here nie in die weg behoort te staan nie.

4.4.2.5.7 Maar: *Wij benadrukken dat het gesprek tussen de VGKSA en de GKSA voor ons de hoogste prioriteit heeft. Vanuit Nederland is het voor ons moeilijk om deze zaken te beoordelen. U moet hier met elkaar in gesprek om verder gaande eenheid te bereiken. ... De uitkomst*

daarvan is mede bepalend voor ons beleid in de toekomst. ...In de besluiten van onze synodes sinds 1975 valt ook op, dat voortdurend het overleg gezocht wordt met de VGKSA over deze zaak. Wij wilden onze zusterkerken niet links passeren', maar hen juist intensief betrekken bij de contacten met de Dopperkerken (Rapport van het bezoek aan ZA : Afgevaardigden van GKN(V) : p. 6 en 12 - kyk Bylae by Oorspronklike Rapport van Deputate).

4.4.2.5.8 En: *Met betrekking tot de relatie met de Nederlands Gereformeerde Kerken zijn we dichter bij elkaar gekomen. Er is wederzijds begrip over de huidige situatie. Ook voelen zowel de GKSA als de GKN(V) de pijn over het gescheiden optrekken dat te wijten is aan een structureel probleem. Laten we zoeken naar een mogelijkheid om - met behoud van gevoelens over de NGK (Nedl) - nauwer met de GKSA samen te werken. Het gesprek over de NGK (Nedl) moet wel blijven doorgaan. Maar het mag niet een hinderpaal zijn die intensivering van de relatie in de weg staat. Ons voorstel is dat we ... hierover voorstellen doen aan de GS Leusden 1999. Het komende gesprek tussen de GKSA en de VGKSA moeten we met belangstelling volgen. Van de resultaat van dat gesprek hangt veel af voor de toekomst: Hoe kunnen we de relatie met de GKSA intensiveren? Kunnen de Dopperkerk lid van de ICRC worden?* (Rapport van het bezoek aan ZA : Afgevaardigden van GKN(V) : p. 7, 8 - kyk Bylae by Oorspronklike Rapport van Deputate).

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2.6 *Verdere terugvoering van die ontmoeting uit die gesigspunt van die GKN(V)*

- *Wij zullen een aanvraag van de Dopperkerken niet steunen sonder goed overleg met de VGKSA (ten opsigte van lidmaatskap van die IKGK - opmerking van die Deputate).*
- *Er zijn bezwaren (in die VGKSA - opmerking van die Deputate) teen die offisiële koers van die Dopperkerken die steeds zwaarder gaan wegen. Daarnaast is er een intuïtief gevoel van onbehagen, dat zich moeilik laat verwoorden maar dat veel VGKSA-leden toch huiwerig maakt voor verder gaande eenheid met die GKSA.*
- *Binnen die Dopperkerken zijn voorzichtige symptomen van skrifkritiek. In die theologisch tijdschrift In die Skiflig worden niet-gereformeerde artikelen sonder kritiek geplaatst. Een hoogleraar van die theologiese opleiding in Potchefstroom heeft meegewerk aan Bybel in Praktyk, een vrijzinnige publikasie saamen met NG-theologen. Die Dopperkerken hechten veel waarde aan die relatie met die Afrikaanse susterkerke (die NG-kerk en die NH-kerk). In die relatie ligt die nadruk op die kohesie en die Afrikaner volksbelang. Maar een antithetiese houding teenover die vrijzinnige teologie ontbreek. Men ziet elkaar toch als 'broeders in Christus'.*
- *Die GKSA beweging steeds meer in die rigting van een open avonmaalstafel. Die kwesie van 'die vrouwe in die amp' speel nog steeds, ook al is in eerste instantie die voorstel van die klassis Boland afgewezen. Op die agtergrond hiervan speel een andere Skrifbeskouwing.*
- *Die besluite van die synode worden nie eie toe plaatselike kerke geratificeer.*
- *Vooral in die persoonlike en gemeentelike kontakten word gevoel dat er veel ontbreek aan die praktiese geloofsbeleving en die kerkzijn binne die GKSA. Zijn die Dopperkerke wel levende gereformeerde kerke? Funkioneer die tucht wel eie toe? ... Zijn we wel eie toe één met die Doppers in leer, diens en tug?*
- *Verder word die zaak van gereformeerde onderwys genoem. Er zijn wel enkele gereformeerde skole, maar toe die kerkleiding word die gereformeerde onderwys nie gestimuleer.*
- *Die verontrusting binne die GKSA blyk onder andere hieruit dat er naas die offisiële blad - Die Kerkblad - nu ook andere blade gekome zijn: Die Kerkpad en Waarheid en Dwaling. Binne die Dopperkerke tekenen sie duidelik twee groepe af.*
- *Het is veelzeggend dat verontruste NG-predikante en -ledene die GKSA passere en sie bij die VGKSA voegen.*

- *Waar we toch wel van schrokken - dat hun bezwaren tegen uw kerken (dié van die VGKSA - opmerking van die Deputate) niet kleiner maar groter worden. Daarbij noemen se officiële bezwaren als symptomen van skrifkritiek en de kritiekloze houding teenover de NG-kerk. Wat misschien nog zwaarder weegt, is het intuïtiewe gevoel dat die Doppekerken niet in die volle diepte en breedte levende gereformeerde kerken zijn (Rapport van het besoek aan ZA : Afgevaardigden van GKN(V) : p 2, 3, 12 - kyk Bylae by Oorspronklike Rapport van Deputate).*

4.4.2.7 *Opvolgbesoek*

'n Besoek is vir Augustus 1999 deur twee Deputate, te wete dr. P.P. Kruger en ds. B.C.G. Fourie by die GKN(V) in Nederland gereël. Hieroor word aanvullend gerapporteer.

Besluit: Van punte 4.4.2.1 tot 4.4.2.7 word kennis geneem. Van punt 4.4.2.5.6 word met dank kennis geneem.

4.4.3 Die Sinode oordeel

- 4.4.3.1 Die GKSA gee steeds daaraan erkenning dat daar 'n wesentlike eenheid van leer, diens en tug tussen die GKSA en die GKN(V) bestaan.
- 4.4.3.2 Die afwysing van korrespondensie deur die GKN(V) relatiewe die betekenis van die begrip korrespondensie, deurdat die bestaande eenheid op grond van dieselfde Belydenis, dieselfde vertolking van die Belydenis en dieselfde Skrifbeskouing tussen die twee kerkgemeenskappe genegeer word, vanweë die GKSA se korrespondensie met die NedlGK.
- 4.4.3.3 Die persepsie dat indien die GKN(V) korrespondensie met die GKSA sou aangaan, die GKN(V) by implikasie ook in korrespondensie met die NedlGK sou tree (vanweë die GKSA se korrespondensie met die NedlGK) is onbegryplik teen die agtergrond van verskillende historiese wendinge en verhoudinge wat tussen die GKN(V) en die NedlGK lê, en wat anders tussen die GKSA en die NedlGK ontwikkel het (ook vanweë sending).
- 4.4.3.4 Die onbegrypheid van hierdie persepsie word onder meer aangetoon deur die GKN(V) se voortsetting van korrespondensie met die PCK(KOSIN), ondanks die feit dat die GKSA ook korrespondensie met die genoemde kerkgemeenskap onderhou.
- 4.4.3.5 Die gebroke werklikheid van kerkverdeling én taalverskeidenheid maak dit nie alleen moontlik nie, maar noodsaak dit ook dat dubbele korrespondensie onderhou kan word (kyk 2.1.3.13 en 2.1.3.14).
- 4.4.3.6 Die GKSA konstateer sy droefheid daarvoor dat die GKN(V) met betrekking tot hulle verhouding met die NedlGK *geen perspektief voor verdergaande gesprekke met de oog op kerklike eenheid* het nie (GKN(V) Acta 1996).
- 4.4.3.7 Die GKSA konstateer egter sy dankbaarheid omdat die afgevaardigdes van die GKN(V) daarmee eens is dat die eis van die koninkryk van God, en die noodsaaklikheid van ekumeniese eenheid vanweë die apostolisiteit, die katolesiteit en die heiligheid van die kerk van die Here groter as die belemmering van strukturalisme en institusionalisme is, en dat die struktuurverskil wat die GKN(V) met die GKSA het, die eenheid in die Here nie in die weg behoort te staan nie.
- 4.4.3.8 Die GKSA beoordeel die bykomende afwysing van korrespondensie deur die GKN(V), vanweë die feit dat hulle korresponderende *susterkerk*, die VGKSA nie hulle weg oopsien om een met die GKSA te word nie, eweneens as 'n standpunt wat nie voorsiening vir 'n bepaalde historiese ontwikkelde situasie maak nie.
- 4.4.3.9 Die GKSA beoordeel die siening van die VGKSA oor die GKSA as eensydig, onbewese, soms buite konteks en onbillik in wat die VGKSA as 'n *officiële koers* aanmerk:
- *voorzichtige symptome van skrifkritiek*
 - *De Doppekerken hechten veel waarde aan de relatie met de Afrikaanse susterkerke. In die relatie ligt de nadruk op de cohesie en het Afrikaner volksbelang*
 - *een antithetische houding teenover de vrijzinnige theologie ontbreek*
 - *De kwestie van 'de vrouw in het amp' speelt nog steeds (hier die GKSA ten nadele gelê, sonder inagneming van die afgevaardigdes van die GKN(V) se stelling oor dié kerk se eie*

omstandighede: *De vraag naar 'de vrouw in het ambt' laat zich niet onderdrukken. De teksten uit de bijbel worden opnieuw bevraagd en gewogen* (Rapport van het bezoek aan ZA : Afgevaardigden van GKN(V), waarin *Toespraak tot de VGKSA-synode* : p. 10 - kyk Bylae by Oorspronklike Rapport van Deputate).

- *een open avondmaalstafel*
- *dat er veel ontbreekt aan de praktiese geloofsbeleving*
- *Zijn de Dopperkerken wel levende gereformeerde kerken?*
- *Funkioneert de tucht wel echt?*
- *door de kerkleiding word het gereformeerde onderwys niet gestimuleerd* (die jarelange werk van die CO Deputate word gewoon geignoreer)
- *het intuïtiewe gevoel dat de Dopperkerken niet in die volle diepte en breedte levende gereformeerde kerken zijn.*
- *een intuïtiewe gevoel van onbehagen* (met die GKSA in die algemeen)
- *dat er naast het officiële blad - Die Kerkblad - nu ook andere bladen gekomen zijn* (asof die feit van meer kerklike blaaië en die feit van verontrusting noodwendig ongunsaanseerd ongereformeerde en diskwalifiserend sou wees).

Besluit: Van 4.4.3.1 tot 4.4.3.9 kennis geneem.

4.4.4 Die Sinode besluit

Aanbevelings

- 4.4.4.1 Die GKSA gaan ondanks die jarelange houding van die GKN(V) oor ekumeniese eenheid tussen dié twee kerkgemeenskappe, voort om sy roeping teenoor die GKN(V) na te kom deur hom vir korrespondensie te beywer.
- 4.4.4.2 Aan die nuwe Deputate word opdrag gegee om dit 'n saak van groot erns te maak om die noodsaaklike ontmoetings te reël om verby strukturele belemmeringe 'n pad te probeer vind waarvolgens uitdrukking aan die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die GKN(V) gegee kan word.
- 4.4.4.3 Die GKSA distansieer hom van die VGKSA se beoordeling van die GKSA en praat hierdie besluit in ontmoeting met die VGKSA deur.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 Kerke in Amerika en Kanada

4.5.1 Orthodox Presbyterian Church (OPC)

4.5.1.1 Opdrag

Verdere inligting word ingewin en gesprek met die oog op samewerking word gevoer (Acta 1997:178, 3.7).

Besluit: Kennis geneem.

4.5.1.2 Die Sinode neem kennis

4.5.1.2.1 *Kontak tydens die IKGK*

Daar is reeds oor die OPC by Sinode 1997 gerapporteer (Acta 1997:173).

Ter aansluiting:

- (a) Dié kerkverband het tans 222 kerke en 22 sendingkerke, 300 predikante en 22 000 lidmate in totaal. Hulle groei teen 5% per jaar, hoofsaaklik by wyse van belydenisaflegging, andersins deur lede wat aansluit uit die CRC, PCA en uit gemeenteskeurings.
- (b) Die OPC het sterk kritiek teen die CRC oor etiese en hermeneutiese kwessies, oor die CRC se bande met die GKN en die vroue wat deur die CRC in die ampte toegelaat word.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.1.2.2 *Besoek*

'n Besoek is vir twee Deputate gedurende Augustus 1999 gereël om Deputate van dié kerkgemeenskap in Amerika te ontmoet. Hieroor sal in die Aanvullende Rapport gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.1.3 Die Sinode oordeel

Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.1.4 Die Sinode besluit

Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2 North American Presbyterian and Reformed Council (*NAPARC*)

4.5.2.1 Opdrag

Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art. 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2.2 Die Sinode neem kennis

4.5.2.2.1 *Besoek aan NAPARC*

- (a) Ds. J.L. du Plooy is uitgenooi om in Moscow (Idaho, VSA) 'n konferensie by te woon met die tema: Reformation in Evangelism.
- (b) 'n Kredensiebrief is deur die Deputate aan ds. Du Plooy vir die besoek uitgereik.
- (c) Ds. Du Plooy het ook verdere besoeke aan 'n aantal Amerikaanse kerke gebring wat reeds met die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord saamwerk vir die Franse Radiobediening, bedryf deur ds. Eric Kayayan.
- (d) Na aanleiding van voorafgaande het ds. Du Plooy die geleentheid ontvang om die *NAPARC*-Sinode van 11 tot 18 November 1998 by te woon.
- (e) Die *CRC* was ook by die Sinode verteenwoordig, maar slegs in waarnemende hoedanigheid. Hulle volle lidmaatskap is by 'n vorige geleentheid opgeskort op grond van beweerde Skrifkritiese standpunte (onder meer oor die toelating van die vrou in die amp). Daar was ook verteenwoordigers van die *URCNA* - bestaande uit kerke wat van die *CRC* weggebreek het, en wat ten volle in die Sinode opgeneem is.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2.2.2 *Die NAPARC- Sinode*

- (a) Geleentheid is vir ds. Du Plooy gebied om groete oor te dra en om die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord se beoogde radiobediening uitvoerig toe te lig. Dié toeligtig is gunstig ontvang.
- (b) Op die Sinode was die stryd oor die invloed van feminisme en oor evolusionisme opvallend. Oor elke kwessie is die lede dit eens dat die gesag van die Skrif in geen opsig aangetas mag word nie. Oor evolusionisme is 'n hewige diskussie gevoer. Die vraag of die skeppingsdae 24 uur lank was al dan nie, was die brandpunt. In die geleedere van die *RCUS* word dit van alle voorgangers verwag om met hulle handtekening te bevestig dat hulle dit wel aanvaar. Een argument wat dikwels geopper is, is dat as die Bybelse gegewens op bladsy een al in twyfel getrek word, mens kan verwag dat die gesag van die Skrif in die res van die Bybel ook nie gehandhaaf sal word nie.

- (c) Die ywer waarmee daar gewerk word aan die uitbreiding van die Evangelie, is merkwaardig. Hulle konsep van Home Missions (kerkstigting) is by ons onbekend - waarskynlik omdat daar bykans geen dorp in SA is waar daar nie een van die drie Afrikaanse kerke is nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2.3 Die Sinode oordeel

- 4.5.2.3.1 Kontak met *NAPARC* en die kerke wat in *NAPARC* verteenwoordig is, is deel van die ekumeniese roeping van die *GKSA*. Hierdie roeping moet ruimer gesien word as net die betrokkenheid van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord.

- 4.5.2.3.2 Wedersyds kan baie van mekaar geleer word, veral oor die stryd teen die Skrifkritiek en die energieke en daadwerklike uitbreiding van die Evangelie-verkondiging.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2.4 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Verdere ekumeniese kontak word gemaak met *NAPARC* en die kerke wat daarin verteenwoordig is.

Besluit: Goedgekeur.

5. Skakeling met kerke in die binneland

5.1 *Vrye Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (VGKSA)*

5.1.1 Opdrag

Die gesprek met VGKSA word voortgesit (Acta 1997:177, 3.5).

Besluit: Kennis geneem.

5.1.2 Die Sinode neem kennis

5.1.2.1 *Kontak tydens die IKGK*

Tydens die sitting van die *IKGK* in Seoul in 1997 is reeds gesprek gevoer met die deputaat van die *VGKSA* wat daar teenwoordig was.

5.1.2.2 *VGKSA-Sinode 1998*

- 5.1.2.2.1 Drie Deputate, dr. C.J. Smit, prof. J.H. van Wyk en ds. B.C.G. Fourie, het die Sinode van die *VGKSA* te Pretoria op 1 Mei 1999 bygewoon.

- 5.1.2.2.2 Aan al drie Deputate is daar geleentheid gebied om die Sinode toe te spreek. Die Deputate was ook teenwoordig toe oor kontak met die *GKSA* gehandel is.

- 5.1.2.2.3 Die Deputate het van die *VGKSA* konkrete voorbeelde gevra oor die aantygings van Skrifkritiek by professore van die *GKSA* wat in dié Sinode gemaak is. Geen konkrete voorbeeld is verskaf nie.

- 5.1.2.2.4 In die Rapporte voor die Sinode oor kontak met Gereformeerde kerke is telkens vermeld dat daar nie bewys gevind kon word dat die betrokke gemeentes 'n ware kerk is nie. Hierdie waarneming staan volgens die Sinode in die pad van strukturele eenheid.

- 5.1.2.2.5 Die Deputate het 'n ernstige versoek tot die *VGKSA* gerig om nie oordele op grond van persepsies te vorm nie, en om nie besluite te neem op grond van 'n intuitiewe gevoel oor geloofsbeleving en verwickelinge in die *GKSA* nie. Die Deputate het hulle oortuiging uitgespreek dat die *TSP* met erns probeer om “die ou goud, vir die konteks waarin ons nou lewe, te munt”. Die Deputate het gestel dat strukturele verdeling van kerkgemeenskappe op grond van perfeksionistiese verwagtings nie Skriftuurlik verantwoordbaar is nie.

- 5.1.2.2.6 Ten slotte het die Deputate die *VGKSA* hartlik uitgenooi om eventuele besware met die Deputate van die *GKSA* te bespreek, en die *VGKSA* broederlik opgeroep tot 'n verwesenliking van die eenheid wat volgens leer, diens en tug tussen dié kerkgemeenskappe bestaan.

5.1.2.2.7 'n Verdere ontmoeting is tussen die Deputate en Deputate van die VGKSA vir Augustus 1999 gereël, waaroor aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

5.1.3 Die Sinode oordeel
Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

5.1.4 Die Sinode besluit
Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *English Reformed Church Randburg (ERCR) en Free Church of South Africa: King William's Town (FCSA)*

5.2.1 Opdrag

Die benoemde Deputate voer gesprek met hierdie kerke/kerkverbande met die oog op moontlike kerkeenheid (Acta 1997:179, 3.10).

Besluit: Kennis geneem.

5.2.2 Die Sinode neem kennis

5.2.2.1 Kontak is met die Deputaat van die FCSA tydens die sitting van die IKGK in 1997 gemaak, waar inleidende gesprekke gevoer is.

5.2.2.2 Verdere gesprekke tussen die onderskeie Deputate is vir September 1999 gereël, tydens die ontmoeting van die Teologiese Kolleges wat die BA Theol aanbied, waar beide die ERCR en die FCSA betrokke is.

Besluit: Kennis geneem.

5.2.3 Die Sinode oordeel
Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

5.2.4 Die Sinode besluit
Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

6. Ander kerke van Gereformeerde Belydenis

6.1 *Opdrag*

Die benoemde Deputate word versoek om kontak te maak met die volgende kerke van Gereformeerde Belydenis met die oog op ekumeniese gesprek (Acta 1997:178v, 3.9).

Besluit: Kennis geneem.

6.2 *Die Sinode neem kennis*

Oor al die kerkgemeenskappe wat hier genoem word gerapporteer (kyk 3.1.2.3.1, veral 3.1.3.8 en 3.1.3.9), met uitsondering van die Free Reformed Churches of Australia (FRCA).

Besluit: Kennis geneem.

6.3 *Die Sinode besluit*

Aan die nuwe Deputate word opdrag gegee om voort te gaan om ekumeniese kontak met die FRCA te verkry.

Besluit: Goedgekeur.

7. Samewerking met Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke (DKBK)

7.1 *Die Sinode neem kennis*

Die Deputate het dit noodsaaklik gevind om by meer as een geleentheid saam met die *DKBK* te vergader om te besluit oor sake wat oorvleuel:

- 7.1.1 Ekumeniese kontak op ekumeniese vergaderings soos die *IKGK*, waarvoor die Deputate vir Ekumeniese Sake verantwoordelik is, impliseer noodwendig ook kontak met kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* reeds in korrespondensie is - en vir skakeling met dié kerkgemeenskappe is die *DKBK* verantwoordelik. By sulke geleenthede “oortree” die Deputate vir Ekumeniese Sake noodwendig op die terrein van die *DKBK*.
- 7.1.2 Befondsing van besoeke aan die buiteland is vir beide Deputategroepe ’n gesamentlike probleem.
- 7.1.3 Suid-Afrikaners in die buiteland, vir wie in sommige gevalle leiding en selfs hulp vir bedieningsreëlings gegee moet word, is ’n aangeleentheid met nuwe dimensies wat beide Deputategroepe raak. Kerke van wie lidmate emigreer, moet besonderhede deurgee aan die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke en die Deputate vir Ekumeniese Sake met die oog op lidmate se inskakeling.

Besluit: Kennis geneem.

7.2 *Die Sinode oordeel*

7.2.1 *Samewerking*

Strukturele samewerking tussen die Deputategroepe is noodsaaklik om sake van gemeenskaplike belang te hanteer.

Motivering:

- 7.2.1.1 Die aard van die opdragte aan beide Deputategroepe kan dikwels nie waterdig van mekaar geskei word nie.
- 7.2.1.2 Ekumeniese kontak, veral by ekumeniese byeenkomste, impliseer noodwendig ook skakeling met kerkgemeenskappe met wie die *GKSA* in korrespondensie is. Deur strukturele samewerking tussen dié twee Deputategroepe kan onnodige duplisering van werk, met gevolglike moontlike misverstande, uitgeskakel word.
- 7.2.1.3 Samewerking het al in die afgelope termyn op verskeie wyses gerealiseer: ’n gesamentlike vergadering, gesamentlike optrede in die ontmoeting met die afgevaardigdes van die *CRC* en die *REC*, en uitruil van notules en stukke.
- 7.2.1.4 Indien daar strukturele samewerking tussen dié twee Deputategroepe is, kan Deputate wat buitelandse kerke besoek, gelyktydig in beide hoedanighede funksioneer.

Besluit: Kennis geneem.

7.2.2 *Die CRC en kerkgroeperinge wat weggebreek het*

- 7.2.2.1 Ekumeniese kontak met die kerkgroeperinge wat van die *CRC* weggebreek het, behoort die opdrag van die Deputate vir Ekumeniese Sake te wees, terwyl ekumeniese skakeling met die *CRC* die opdrag van die *DKBK* is.
- 7.2.2.2 Gesprekke wat elke Deputategroep in hierdie geval op sy terrein voer, raak die ander Deputategroep ten nouste. (In die praktyk het dit dan ook gerealiseer dat die *DKBK* vir hulle ontmoeting met Deputate van die *CRC* ook die Deputate vir Ekumeniese Sake genooi het om aan die gesprek deel te neem.)

Besluit: Kennis geneem.

7.2.3 *Bekostiging*

7.2.3.1 *Mees ekonomiese uitvoering van opdragte*

Die Sinode moet enersyds rekening hou met ekonomiese realiteite, maar andersyds met die groot waarde van die konkrete uitlewing van ekumenisiteit deur persoonlike skakeling. Terwyl ekonomiese realiteite dit moeilik maak om persoonlike ekumeniese kontak *maksimaal* te benut, moet ernstig daarteen gewaak word om met *minimale* kontak te volstaan; veel eerder moet die

Sinode streef na *optimale* benutting, dit wil sê soveel persoonlike kontak as wat in elke konkrete situasie wenslik en haalbaar is.

Besonderlik:

- 7.2.3.1.1 Die Deputate maak ruim gebruik van geleenthede wanneer predikante of professore die buiteland vir ander doeleindes (as kontak met ander kerke) besoek. Sulke persone kan van die Deputate mandaat ontvang om spesifieke opdragte uit te voer.
- 7.2.3.1.2 Die Sinode benut eweneens byeenkomste van internasionale kerklike konferensies (byvoorbeeld die *IKGK*) waar verteenwoordigers van baie Gereformeerde kerke saamkom. Soos by Seoul in 1997 kan die verteenwoordigers van die Deputate ook gemandateer word om sake van ander Deputategroepe rakende onderlinge kerklike verhoudings te behartig.
- 7.2.3.1.3 Waar besondere hulp en advies in die uitlewing van ekumenisiteit benodig word, gee die Deputate aan dié besondere kerkgemeenskappe voorkeur - byvoorbeeld die kerke in Zaïre/Kongo. Verder word voorkeur verleen aan deputering na kerke wat spesifieke versoeke rig.

Besluit: Kennis geneem.

7.3 Die Sinode besluit

Aanbevelings

- 7.3.1 Aan beide Deputategroepe word opdrag gegee om 'n strukturele basis van gereelde gesamentlike vergaderings tussen die twee Deputategroepe te skep, om die raakvlakke van hulle onderskeie opdragte gesamentlik te hanteer.
- 7.3.2 Die nuwe Deputate vir Ekumeniese Sake kry opdrag om ekumeniese kontak met die kerkgroeperinge wat van die *CRC* weggebreek het, te maak.
- 7.3.3 Beide die Deputategroepe kry opdrag om by wyse van 'n begroting gesamentlik die mees ekonomiese beplanning vir die volgende termyn van drie jaar vir die uitvoering van hulle opdragte te maak.

Besluit: Goedgekeur.

7.3.4 Gesamentlike aanbeveling

Die Deputategroepe beveel gesamentlik aan:

Twee kollekte per jaar word vir die werksaamhede van dié Deputategroepe in die kerke gehou (kyk 3.1.4.7).

Motivering:

- 7.3.4.1 Die aard van die ekumeniese opdrag is so belangrik dat dit persoonlike samesprekings in die buiteland noodsaaklik maak (kyk 3.1.3; veral 3.1.4.7). Tans moet Deputate hoofsaaklik eie fondse verkry om hulle opdragte uit te voer, wat nie werklik billik is nie.
- 7.3.4.2 Die ramings waaraan die kerke moet beantwoord, lê reeds 'n swaar las op baie kerke, en behoort dus nie as 'n metode van befondsing van die noodsaaklike werk van beide Deputategroepe oorweeg te word nie.
- 7.3.4.3 Volgens berekening behoort twee kollekte per jaar die opdragte wat aan beide Deputategroepe gegee word, indien oordeelkundig en spaarsaam gewerk word, te bekostig.

Besluit: Soos volg goedgekeur:

- (a) Een (1) kollekte per jaar word vir 3 jaar gehou. (Een kollekte beloop ± R65 000 volgens 'n begroting wat aan die Finansiële Kommissie voorgelê is en 'n totaal van R139 000 word vir die volgende drie jaar benodig.)
- (b) Die toedeling van fondse, by wyse van verkryging deur een (1) kollekte per jaar, word in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro gemaak.
- (c) Die nuwe begroting van die jaar tot 30 Junie 2001 word voor 30 April 2000 vir goedkeuring by die Bestuur van die Administratiewe Buro ingedien (vgl. Acta 1997:452, 3.1.3).

8. Kerke met wie bande in die verlede opgeskort is

8.1 Opdrag

Die Deputate maak 'n opname van kerke met wie bande in die afgelope tyd opgeskort is en poog om kontak met hulle te bewerkstellig (Acta 1997:176, 3.1.3).

Besluit: Kennis geneem.

8.2 Die Sinode neem kennis

Slegs een kerkgemeenskap en een ekumeniese liggaam kom ter sprake, naamlik die *GKN* en die *GER*.

8.2.1 Die GER

Kyk 3.2 hierbo.

8.2.2 Die GKN

8.2.2.1 'n Gesprek is met dr. Koffeman van die *GKN* tydens sy besoek aan die *RSA* gevoer.

8.2.2.2 Twee van die Deputate besoek die Deputate van die *GKN* gedurende Augustus 1999 in Nederland - daar word dus aanvullend oor die uitvoering van die opdrag gerapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

8.3 Die Sinode oordeel

Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

8.4 Die Sinode besluit

Kyk die Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

9. Sekularisasie

9.1 Opdrag

Gesien die toenemende sekularisasie in die Suid-Afrikaanse samelewing word die profetiese roeping en taak van die kerke al hoe dringender. Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om hieraan ernstige aandag te gee en wel volgens die riglyne soos neergelê deur Sinode 1991 (Acta 1991:269) (Acta 1997:176v, 3.2.2).

Besluit: Kennis geneem.

9.2 Die Sinode neem kennis

9.2.1 Die Deputate het ter uitvoering van hierdie opdrag aanvanklik die moontlikhede oorweeg om 'n internasionale of nasionale konferensie te belê.

9.2.2 In die lig van die Nasionale Konferensie oor die Moraliteitskrisis wat in die eerste helfte van die negentigerjare gesamentlik deur die drie Afrikaanse kerke gehou is, en die relatief beperkte trefkrag daarvan, asook die koste-aspek, het die Deputate besluit om af te stap van die moontlikheid van 'n konferensie.

9.2.3 Die Deputate het gevolglik besluit om eerder in die rigting van die daarstelling van toerustingsmateriaal vir kerke en lidmate te werk, sodat die aard en die gevolge van die sekularisme in die Suid-Afrikaanse samelewing op grondvlak aandag kry en hanteer word.

9.2.4 In die lig van die groot agenda wat die Deputate as opdrag gekry het, was die tyd onvoldoende om dié beplanning tot praktiese uitvoering te bring.

Besluit: Kennis geneem.

9.3 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Die nuwe Deputate kry die opdrag om profetiese getuienis teen sekularisme, in samehang met die post-modernisme, te lewer deur toerustingsmateriaal vir kerkrade en lidmate op te stel en beskikbaar te stel.

Besluit: Goedgekeur.

10. Waarnemers by die Sinode 2000

10.1 Die Sinode neem kennis

Die Deputate het by die Administratiewe Buro aanbeveel om waarnemers van die Lanka Reformed Church en die Orthodox Presbyterian Church uit te nooi om Sinode 2000 op eie koste by te woon.

Besluit: Kennis geneem.

10.2 Die Sinode oordeel

Ekumeniese gesprekke met die oog op korrespondensie het met hierdie kerke reeds ver gevorder, wat persoonlike kontak op hierdie vlak baie gewéns maak.

Besluit: Kennis geneem.

10.3 Die Sinode besluit

Aanbeveling

Daar word aan die waarnemers van hierdie kerke 'n spreekgeleentheid op die Sinode gebied om groete oor te dra en die Sinode toe te spreek.

Besluit: Goedgekeur.

11. Evangelisering

11.1 Die Sinode neem kennis

In die gevalle waar ekumeniese gesprekke gevoer word, speel sending en evangelisering 'n wesentliche rol. Daar is tans groot leemtes in die hantering van hierdie gesprekke, omdat daar nie Deputate is met gemandateerde bevoegdheid om koördinerend op te tree nie.

Besluit: Kennis geneem.

11.2 Die Sinode oordeel

Sending en evangelisering op die terrein van ekumenisiteit funksioneer dikwels sentraal. Daarom is dit belangrik dat die Deputate vir Ekumeniese Sake koördineringsbevoegdheid in hierdie verband ontvang.

Motivering:

11.2.1 Die meeste kontak met kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is, het met evangeliseringsaktiwiteite te make.

11.2.2 Ekumeniese kontak by die IKGK en ander geleenthede soos die AEA het meesal met evangeliseringswerk te make.

11.2.3 Baie van die nuwe ekumeniese kontakte wat tans ontgin word, het evangelisering en opleiding as hooftema van die gesprek.

11.2.4 Tersaaklike aspekte van gesamentlike beplanning kan meer vloeiend georganiseer word.

Besluit: Kennis geneem.

11.3 Die Sinode besluit

Aanbeveling

11.3.1 Die Sinode wys weer Deputate vir Ekumeniese Sake aan.

11.3.2 Die Deputate vir Ekumeniese Sake (saam met die Deputate vir Korrespondensie) word gemandateer om, waar dit noodsaaklik blyk, evangelisering in die binneland en buiteland te koördineer.

Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) [GKN(V)]

1.1 Opdrag

Die skrywe van die Deputate Betrekkingen Buitelandse Kerken van die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) gedateer Desember 1996 word beantwoord (Acta 1997:176, 3.1.3).

Besluit: Kennis geneem.

1.2 Die Sinode neem kennis

1.2.1 Voortspruitend uit die mondelinge beantwoording van die brief van die GKN(V) (vgl. 1.1) het prof. J.H. van Wyk en dr. C.J. Smit 'n indringende gesprek met Deputate van die GKN(V) in Augustus 1999 in Nederland gevoer.

1.2.2 Die verhinderings in die weg na korrespondensie tussen die GKSA en die GKN(V) is openhartig bespreek.

1.2.3 Die eensydige voorstellings van die GKSA deur die VGKSA is uit die weg geruim.

1.2.4 'n Versoek is aan die Deputate van die GKN(V) gerig om die GKSA nie deur die bril van die VGKSA te beoordeel nie.

1.2.5 'n Verdere versoek is aan die Deputate van die GKN(V) gerig dat 'n amptelike motivering aan die Deputate van die GKSA gestuur word waarin uiteengesit word waarom die aanbod van korrespondensie nou al jarelank afgewys word.

1.2.6 Die Deputate van die GKN(V) het hulle Sinodebesluit van 1999, waarin hulle besware teen die NedlGK uiteengesit is, aan die Deputate van die GKSA beskikbaar gestel. Hierdie besware, wat volgens die GKN(V) dié belemmerende rede is waarom hulle nie die aanbod van korrespondensie met die GKSA kan aanvaar nie, kom op die volgende neer:

De synode zag ... geen perspektief voor een zinvol vervolg van verkennende contacten 'zolang de Nederlands Gereformeerde Kerken vasthouden aan de huidige ruimte in de leer en het toezicht daarop'. Naar het oordeel van onze Gereformeerde Kerken biedt het Akkoord voor Kerkelijke Sameleving te weinig waarborg voor een kerkelijke leven in gebondenheid aan Schrift en belijdenis. Wat ontbreekt, is een duidelijker binding aan de confessie ... wij kunnen niet anders concluderen dan dat er binnen de NGK noch steeds een te grote vrijheid bestaat in het omgang met de leer van de Schriften zoals de belijdenis die omschrijft (kyk Bylaes AA1.2.6).

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN)

2.1 Opdrag

Die Deputate maak 'n opname van kerke met wie bande in die afgelope tyd opgeskort is en poog om kontak met hulle te bewerkstellig (Acta 1997:176, 3.1.3).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Die Sinode neem kennis

2.2.1 Prof. J.H. van Wyk en dr. C.J. Smit het samesprekings met die relevante Deputate gevoer.

2.2.2 Die GKN het so ver *samen-op-weg* met die Hervormde en die Lutherse kerke gevorder, dat met 'n gesamentlike Deputategroep van dié kerke gesprek gevoer is.

2.2.3 Die drie kerkgemeenskappe van weleer het tans ver gevorder in die ineenvoeging van strukturele grense, soos die gesamentlike Deputate en gesamentlike eredienste aantoon.

2.2.4 Dié situasie het 'n ondersoek na die moontlike voortbestaan van die redes waarom die GKSA in 1976 korrespondensie met die GKN verbreek het, bemoeilik. Dit het egter wel voorgekom dat dié redes, wat kortliks op ernstige verskil in Skrifbeskouing neerkom, ook onderlinge verskille in *die samen-op weg* - veral van die kant van die Gereformeerde Bond in die Hervormde Kerk - te weeg bring, maar nie van so 'n aard dat hulle die ontwikkelende strukturele eenheid as gevolg daarvan wil prysgee nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Die Sinode oordeel

- 2.3.1 Daar is nog baie interne spanninge in die *samen-op-weg* beweging, maar dit is duidelik dat daar reeds nuwe strukturele grense om die ou *GKN* aan die ontwikkel is.
- 2.3.2 Die nuwe grense verwyd die *GKSA* se ekumeniese gesprek met die *GKN*, deurdat die Nederlandse Hervormde en Lutherse kerkgemeenskappe van voorheen, noodwendig ook daarby betrek sal word.
- 2.3.3 Die ekumeniese gesprek met die nuut ontwikkelde *samen-op-weg* kerkstruktuur moenie die opdrag om duidelikheid oor die redes vir die verskille wat in 1976 'n breuk met die *GKN* veroorsaak het uit die oog verloor nie, aangesien die problematiek van die verlede nie noodwendig verdwyn deur die totstandkoming van 'n nuwe kerkstruktuur nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 Die Sinode besluit

- 2.4.1 Die Deputate kry opdrag om ekumeniese kontak met die *samen-op-weg* kerk(e) voort te sit.
- 2.4.2 In die gesprek moet onder andere aandag gegee word aan die aanvanklike redes vir die breuk met die *GKN*, in soverre die redes steeds relevant is.
- 2.4.3 Na gelang van die ontwikkeling van hierdie gesprek kan oorweeg word in watter mate die ekumeniese kontak na ekumeniese bande behoort te vorder .

Besluit: Goedgekeur.

3. Die Gereformeerde Bond en die Konfessioneel Gereformeerde Beraad

3.1 Opdrag

Die Deputate maak 'n opname van kerke met wie bande in die afgelope tyd opgeskort is en poog om kontak met hulle te bewerkstellig (Acta 1997:176, 3.1.3).

Besluit: Kennis geneem.

3.2 Die Sinode neem kennis

- 3.2.1 Gedurende Julie 1999 het prof. J.H. van Wyk op versoek van die Deputate 'n gesamentlike gesprek gevoer met die Deputate van die GB in die Nederlands Hervormde Kerk en die CGB in die Gereformeerde Kerken in Nederland. Aangesien die *GKSA* geen bande met die *NedIHK* en die *GKN* het nie, was die gesprekke verkennend van aard.
- 3.2.2 In Nederland het 'n nuwe situasie ontstaan: Die *NedIHK*, *GKN* en die Lutherse Kerk is tans besig met 'n *Samen op weg* proses waarin na kerklike eenheid tussen die drie kerkgemeenskappe gestreef word.
Indien die *Samen op weg* proses slaag, sal die GB en die CGB hulle posisies binne die nuwe kerklike gemeenskap waarskynlik heroorweeg.
- 3.2.3 Die GB staan skepties teenoor die *Samen op weg*. Hulle bekommernis is dat die eenheid van die drie kerkgemeenskappe die reformatoriese tradisie en getuienis gaan verswak. Die GB is egter tradisioneel teen afskeiding gekant.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 Die Sinode oordeel

- 3.3.1 Die moeilike kerkregtelike vraag ontstaan hoe 'n kerkgemeenskap (*GKSA*) 'n ekumeniese verhouding kan opbou met groepe binne kerkgemeenskappe (GB in die *NedIHK* en CGB in die *GKN*). Dit het duidelik geword dat daar weinig konfessionele verskille tussen die *GKSA* en die GB en CGB bestaan.
- 3.3.2 Indien die *Samen op weg* beweging slaag, ontstaan daar 'n nuwe kerkregtelike situasie van óf en hóé die *GKSA* ekumeniese bande tot stand behoort te bring.

Besluit: Kennis geneem.

3.4 Die Sinode besluit

- 3.4.1 Die Deputate ondersoek die kerkregtelike vraagstuk van hoe die GKSA 'n ekumeniese verhouding kan aangaan met konfessionele groep(e) in 'n kerkgemeenskap.
- 3.4.2 Die Deputate kry opdrag om ekumeniese kontak met die GB en CGB te onderhou deur besoeke, gesprekke, uitruil van kerklike tydskrifte en ander gestaltes.
- 3.4.3 Die Deputate voer gesprek met die GB en CGB oor die raakvlakke van hulle sendingbetrokkenheid en –belangstelling in Afrika.

Besluit: Goedgekeur.

4. Orthodox Presbyterian Church (OPC)

4.1 Die Sinode neem kennis

Prof. J.M. Vorster het gedurende 1999 'n besoek aan die VSA afgelê. Hy het onder andere 'n ontmoeting met Deputate van die *OPC* gehad. Hierdie gesprek is 'n opvolging van gesprekke wat reeds voorheen gevoer is.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 Die Sinode oordeel

- 4.2.1 Wat die merktekens van die ware kerk betref, bevind u Deputate suiwer bediening van die Woord, sakramente en tug.
- 4.2.2 Die *OPC* handhaaf die reformatoriese belydenis.
- 4.2.3 Daar is reeds oor verskeie jare 'n noue band tussen die *GKSA* en die *OPC* gevestig.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Die Sinode besluit

Kerklike korrespondensie word formeel aan die *OPC* aangebied.

Besluit: Goedgekeur.

5. Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (VGKSA)

5.1 Die Sinode oordeel

- 5.2.1 Die *VGKSA* se beoordeling van die *GKSA* soos weerspieël in die Deputate van die *GKN(V)* se Rapport (na hulle samesprekinge met Deputate van die *VKGSA*), is indringend met die Deputate van die *VGKSA* bespreek.
- 5.2.2 Ander aspekte wat tans ekumeniese eenheid verhinder is ook deurtastend bespreek.
- 5.1.3 Die posisie van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar asook korrespondensie tussen die *GKSA* en die *NedIGK* verhinder nie moontlike ekumeniese eenheid met die *VGKSA* nie.
- 5.1.4 Oor die strewe na ekumeniese eenheid is daar eensgesindheid.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 Die Sinode besluit

Die Sinode spreek sy onbehaaglikheid daarmee uit dat bewerings teen Skrifkritiek deur professore die TSP telkens na vore kom sonder dat konkrete voorbeelde aangetoon word.

Besluit: Goedgekeur.

6. Free Church of South Africa (FCSA)

6.1 Die Sinode neem kennis

Die gesprek met die Deputate van die *FCSA* het uitgewys dat die *FCSA* aan die een kant noue kontak met die *GKSA* soek op grond van historiese verbintenisse en die feit dat ons kerke een in leer, lewe en kerkregering is. Daar is 'n jarelange historiese band met die *FCSA* met wie ons korrespondensie het. Aan die ander kant wil die *FCSA* tog in 'n mate hulle eie kerklike identiteit (etos) behou.

Besluit: Kennis geneem.

6.2 Die Sinode oordeel

Die kerkregtelike weg moet ondersoek word of die *FCSA* as 'n klassis of klassisse kan inskakeel by 'n Partikuliere Sinode van die *GKSA* om sodoende deel te word van die *GKSA*-kerkverband en terselfdertyd plaaslik 'n eie identiteit (etos) te behou.

Besluit: Kennis geneem.

6.3 Die Sinode besluit

Die gesprek met die *FCSA* word voortgesit met die oog op kerklike eenheid.

Besluit: Goedgekeur.

7. Christian Reformed Church of Malawi (*CRCM*)

7.1 Die Sinode neem kennis

'n Voorstel van korrespondensie is van die *CRCM* ontvang met toeligting van die historiese agtergrond en 'n motivering vir korrespondensie (vgl. Bylae AA7.1).

Besluit: Kennis geneem.

7.2 Die Sinode oordeel

Ondersoek behoort ingestel te word of ekumeniese eenheid met die *CRCM* 'n prioriteit is.

Besluit: Goedgekeur.

7.3 Die Sinode besluit

7.3.1 Die Deputate ondersoek die moontlikheid van ekumeniese eenheid met die *CRCM* en doen 'n aanbeveling by die volgende Sinode.

7.3.2 'n Antwoord op die voorstel van die *CRCM* moet so gou moontlik gelewer word.

Besluit: Goedgekeur.

8. Church of Central Africa Presbyterian (*CCAP*)

8.1 Die Sinode neem kennis

'n Skrywe is ontvang van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort waarin vermeld word dat die gemeente op plaaslike vlak te Mtakataka (Malawi) kerklike kontak beoefen in toerustende en adviserende hoedanigheid, veral by evangelisering onder die Moslems.

Besluit: Kennis geneem.

8.2 Die Sinode oordeel

Hierdie ekumeniese ontwikkeling word positief bejeën.

Besluit: Kennis geneem.

8.3 Die Sinode besluit

Die Deputate gee, waar dit benodig word, leiding en advies.

Besluit: Goedgekeur.

9. World Federation of Reformed Churches (*WFRC*)

9.1 Die Sinode neem kennis

'n Inligtingstuk met besonderhede is onlangs van hulle ontvang.

9.2 Die Sinode oordeel

Die omstandighede is nog te prematuur om tot 'n oordeel en 'n besluit te kom.

Besluit: Kennis geneem van punte 9.1-9.3.

9.3 Die Sinode besluit

Die Deputate ontvang opdrag om ondersoek in te stel na die werksaamhede van die Federasie en aan die volgende Sinode terug te rapporteer.

Besluit: Goedgekeur.

10. Vooruitskouing, eerste sake eerste ('n prioriteitstrategie)

10.1 Die Sinode neem kennis

- 10.1.1 Die doelwit van die Deputate se opdrag bly onveranderd: die eenheid van die Gereformeerde Kerke moet “as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping” gesien word (Acta 1970:69).
- 10.1.2 Hierdie doel word nagestreef deur in die ekumeniese gesprek die universele evangelie uit te dra om alle kerke “tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer” op te roep (Acta 1994:195, 2.2.1.1; vgl. 1967:366), maar om terselfdertyd ook oop te wees om in wisselwerking met ander Gereformeerde kerkgemeenskappe, waar dit nodig te mag wees, steeds self op grond van die Gereformeerde belydenis te reformeer (Acta 1979:42, 3.1.4.4).
- 10.1.3 Die uitvoering van hierdie roeping vereis aanvanklike ekumeniese kontak op ‘n gestruktureerde en kontinue basis, wat kan lei tot die hegte kerklike verhouding van ekumeniese bande waarin samewerking op verskillende terreine, waaronder dié van die sending, kan plaasvind – met die doel om verder deur konstruktiewe gesprekke tot ekumeniese eenheid (korrespondensie) te vorder (vgl. Acta 1967:365).
- 10.1.4 In die ekumeniese proses, in beweging na die doelpunt, moet voortdurend in ag geneem word dat die *eenheid* van die kerk van die Here nie *eendersheid* veronderstel nie. Vir verskille wat noodwendig ten opsigte van liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele binne die grense van die Gereformeerde belydenis sal voorkom, moet ruimte gegee word (Acta 1997:171, 2.1.1.4).
- 10.1.5 Om ordelik aan die roeping vir die herstel van die gemeenskap in die kerk van die Here wêreldwyd te probeer voldoen (Acta 1967:365; 1979:42, 3.1.4.4), moet oor prioriteite beoordeel word, sodat die eerste sake eerste aandag kry.

Besluit: Kennis geneem.

10.2 Die Sinode oordeel

- 10.2.1 In prioriteitsvolgorde, sonder dat dit noodwendig in streng tydskedulering hoef ooreen te kom, moet die Afrikakerke as ‘n eerste belang aangemerkt word. Die ekumeniese bande met die *KGKK* en die *CRCZ* moet voortgesit en daadwerklik uitgebou word, veral deur onderlinge hulp met die vestiging en opbou van Gereformeerde Kerke in daardie lande. Ekumeniese kontak met kerke in Soedan, Togo, die Ivoorkus, Uganda, Nigerië, Malawi, Madagaskar, ens. moet met alle beskikbare middele beplan en uitgevoer word. Met toegang tot die Franse taal, die radiobediening van ds. Eric Kayayan en opleiding wat die Teologiese Skool reeds aan Afrikakerke buite ons landsgrense bied, het ‘n deur na die hart van Afrika vir die *GKSA* oopgegaan wat met erns benut behoort te word. Waar die lig van die Evangelie aan die begin van die Christelike jaartelling reeds in die noorde van Afrika begin skyn het maar spoedig gedoof is, het dit die Here behaag om dieselfde lig in die laaste eeue van die tweede millennium weer vanuit die suide in die donker kontinent te laat skyn. Om hierin medewerkers te mag wees, is ‘n heerlike voorreg maar ook ‘n dure plig.
- 10.2.2 Kerke met wie al vir dekades eenheid op grond van die Gereformeerde Belydenis aangevoel word, maar wat nog nie struktureel kon realiseer nie, moet ook hoog op die prioriteitslys vir die ekumeniese gesprek met die oog op ekumeniese eenheid (korrespondensie) aangemerkt word. Hieronder tel alle kerke met wie die *GKSA* nie Belydenisverskille het nie, waaronder die *OPC*, die *NAPARC* kerke, die *GKN(V)*, die *VGKSA*, die *ERCR* en *FCSA*.

- 10.2.3 'n Derde prioriteit is die kerke met wie se Deputate op die *ICRC* in Seoul 1997 ekumeniese kontak gemaak is, wat vanweë hulle Gereformeerde instelling aan dié ekumeniese beweging behoort, en met wie nog nie nadere kontak uitgebou kon word nie, sowel as Gereformeerde Kerke in die Ooste. Bywoning van die *ICRC* in 2001 moet hierby 'n eerste belang geag word.
- 10.2.4 Kontak met ekumeniese bewegings en liggame soos die *GER*, die *IRF*, *AEA* en *TEASA*, die *SARK* sowel as deelname aan die Raad van Kapelaansdienste, die *OUO* en *CNW*, hoort ook in die raamwerk van hierdie prioriteitstrategie.
- 10.2.5 Voortgesette ekumeniese kontak met die *GKN*, samen-op-weg met die Hervormde Kerk en die Lutherse Kerk in Nederland, is van verdere belang in die uitvoering van die ekumeniese roeping.
- 10.2.6 Tussendeur mag die vorige Sinode-opdrag in verband met sekularisasie nie agterweë gelaat word nie, vanweë die belangrikheid van die saak.

Besluit: Kennis geneem.

10.3 Die Sinode besluit

Punte 10.1 en 10.2 word aan die Deputate vir implementering deurgegee, waar dit nie bots met besluite wat die Sinode reeds oor die afsonderlike aspekte geneem het nie.

Besluit: Goedgekeur.

15.2 RAPPORT DEPUTATE GESPREK MET BINNELANDSE KERKE (NG, NH EN APKERKE) (Artt.82, 204)

- A. Dr. S.J. van der Walt stel die Rapport.
- B. Dr. C.J. Smit verwelkom prof. Piet Geysler (NH-Kerk) en dr. Willie Botha (NG-Kerk) in die Sinode. Hulle kry geleentheid om die Sinode toe te spreek.
- C. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit. Finansiële implikasies word verwys na die Finansiële Kommissies.
- D. Ds. J.J. Cloete stel die Kommissierapport.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:194, 196, 197.

- 1.1 Sit die gesprek oor kerklike eenheid in lyn met die opdragte en besluite sedert Sinode 1958 voort.
- 1.2 Sit die gesprek met die APK voort.
- 1.3 In die gesprekvoering met ander Afrikaanse Kerkgemeenskappe moet die Deputate rekening hou met verskuiwings in kerklike verhoudings die afgelope dekades en die volgende Sinode hieroor adviseer.
- 1.4 Benut op gepaste werkswyse dit wat die drie Kerkgemeenskappe in gemeen het en identifiseer terreine van konkrete samewerking.
- 1.5 Laat skyn die lig van die Gereformeerde getuigenis saam met die ander twee Kerkgemeenskappe.
- 1.6 Gaan binne die besluite van die TTK hierby voort met die totstandkoming van 'n Konvent van Reformatoriese Kerke in die RSA.
- 1.7 Gee inligting oor die verloop van die gesprek op die TTK en oor plaaslike samewerking so gereeld moontlik aan die skakeldeputate of Deputate korrespondensie van die Klassisse en aan die Kerkrade deur.
- 1.8 Beklemtoon die dringende noodsaak van gesprek, meelewing, samewerking met en voorbidding vir mekaar.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Werkswyse van die Tussenkerklike Kommissie (TKK):

- 2.1.1 In die Rapport aan Sinode 1997 (kyk Acta:195, 1.1) is 'n besluit van die Interimkomitee (dagbestuur) van die TKK oor die effektiewe funksionering van die TKK aan die Sinode deurgegee. Hierdie besluit het behels dat die ritme van bilaterale gesprekke afgeskaal moet word ten gunste van meer gereelde en langer TKK vergaderings. In Maart 1997 het die eerste werkwinkel van die TKK wat oor twee dae gestrek het, plaasgevind. Daarna is nog drie werkwinkels gereël.
- 2.1.2 Tydens die werkwinkel van Maart 1997 is daar met die hulp van 'n fasiliteerder indringend besin oor die funksionering en toekoms van die TKK, asook oor die effek wat veranderinge in die RSA op kerke het. Aan die einde van die eerste werkwinkel was die vergadering dit eens dat die samesprekinge oor twee dae vrugbaar was en dat die proses momentum moet behou.
- 2.1.3 Die resultate van die eerste werkwinkel is na die Interimkomitee verwys met die oog op verdere beplanning en sistematisering. Die volgende doel en doelstellings van die TKK is geformuleer:
 - 2.1.3.1 As doel: Op grond van die gemeenskaplike belydenis van die NGK, NHKA en GKSA stel die TKK hom ten doel om in 'n gees van onderlinge liefde die Bybelse roeping tot eenheid en kerkwees in die wêreld na te strew.
 - 2.1.3.2 As doelstelling: Krities-opbouende gesprek. Om krities-opbouend met mekaar in gesprek te bly sodat verskille deurgepraat word terwyl 'n duldbare verskeidenheid geakkommodeer word.
 - 2.1.3.3 As doelstelling: Samewerking. Om terreine van samewerking te identifiseer en tot op plaaslike vlak te inisieer om sodoende die beleving van eenheid te bevorder.
 - 2.1.3.4 As doelstelling: Getuienistaak. Om die profetiese getuienistaak in die wêreld ook gesamentlik te vervul.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Krities-opbouende gesprek (opdrag 1.1 en 1.8):

- 2.2.1 Die krities-opbouende gesprek tussen die drie Kerkgemeenskappe het eers tydens die derde werkwinkel aandag gekry. Die eerste werkwinkel het veral op die funksionering en toekoms van die TKK gefokus en die tweede op die identifisering van samewerking tussen die kerke.
- 2.2.2 Tydens die derde werkwinkel het elkeen van die gespreksgenote 'n inleiding gelewer oor hoe NGB, artt. 27-29 geïnterpreteer en toegepas word. Openhartige bespreking is gevoer, maar tydens die ontbreek om die bespreking sinvol af te rond oor wat as duldbare verskeidenheid en as meer wesenlike verskille beskou kan word.
- 2.2.3 Die tweede onderwerp wat tydens die derde werkwinkel bespreek is, was "Kerk en Kultuur". Verteenwoordigers van al drie Kerke het vooraf 'n konsensus-memorandum opgestel. Voortvloeiend uit die memorandum is die volgende vrae gestel: Watter leiding die kerke behoort te gee in die nuwe staatkundige bedeling; wat die kerk te doen staan wanneer die taalregte van volke bedreig word; wat die staat se taak is by die beskerming van die inheemse kulture in die RSA en vir moedertaalonderwys en hoe die lidmate van verskillende kultuurgemeenskappe in kerklike vergaderings saam vergader. Tydens die vierde werkwinkel (Sept. 1999) sal hierdie vrae verder bespreek word.
- 2.2.4 Tydens die vierde werkwinkel (Sept. 1999) sal aandag gegee word aan die moontlike teenwoordigheid van 'n verskeidenheid teologiese modaliteite in elkeen van die drie Kerkgemeenskappe en hoe dit die onderlinge verhoudinge beïnvloed.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Samewerking (opdrag 1.4):

- 2.3.1 Na 'n indringende besinning tydens die tweede werkwinkel oor terreine van samewerking tussen die drie Kerkgemeenskappe, het daar tydens die derde werkwinkel inligtingstukke van elke kerk gedien oor maatskaplike en barmhartigheidsdienste, hospitaalbediening, evangelisasie en die bediening aan gestremdes. Die doel hiermee was om die ander kerke in te lig oor die omvang en

aanpak van die dienste. Vir die bespreking hiervan is ds. A.Z. Pelsers as voorsitter van die Deputate vir Diakonale Sake genooi.

- 2.3.2 Voortvloeiend uit die bespreking van die inligtingstukke het die TKK besluit om 'n gesamentlike kommissie te benoem om 'n beraad oor die barmhartigheidsdienste van die kerke te reël. Tydens die beraad sal daar aandag gegee word aan die prinsipiële grondslae van die kerk se barmhartigheidstaak, wetlike aspekte, moontlike samewerking, die daarstelling van 'n proaktiewe strategie vir samewerking tussen kerk en staat by barmhartigheidsdienste en 'n moontlike gesamentlike projek rondom die bekamping van armoede.
- 2.3.3 Na aanleiding van die inligtingstuk oor evangelisasie het die TKK besluit om tydens die vierde werkswinkel indringend aandag te gee aan die groei van die kerk in veranderde tye.
- 2.3.4 Die TKK het ook die geleentheid geskep vir verteenwoordigers van die teologiese fakulteite in die noorde van die drie Kerkgemeenskappe om oor samewerking vir teologiese opleiding te besin.
- 2.3.5 Die behoefte aan bediening van lidmate in die buiteland wat nie by kerke met 'n Gereformeerde belydenis kan inskakel nie, het ook die aandag van die TKK geniet. 'n Gesprek oor samewerking is aan die gang gesit en konkrete voorstelle moet nog voor die TKK dien.
- 2.3.6 Die TKK doen 'n beroep op die predikante van die drie Kerkgemeenskappe om op die onderskeie kerklike tydskrifte van die kerke in te teken. Dit behoort groter begrip en kennis van mekaar tot gevolg te hê en kan ook meehelp tot groter samewerking op plaaslike vlak. Versoeke tot goedkoper intekengelde is aan die redaksies gerig.
- 2.3.7 'n Brief is namens die Interimkomitee aan alle Ringe, Klassisse en Kerkrade van die drie Kerkgemeenskappe gestuur. In die brief word groter samewerking tussen die kerke bepleit en word Klassisse en Ringsvergaderings versoek om die leiding te neem in die vorming van TKK-kommissies op plaaslike vlak.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Getuienistaak (opdrag 1.5):*

- 2.4.1 Die TKK het gepoog om 'n gesamentlike getuienis te lewer oor versoening in die RSA en oor arbeid en produktiwiteit. Op versoek van die Interimkomitee het prof. J.H. van Wyk 'n goed begronde en aktuele getuienis oor versoening opgestel. Dit is deur die TKK na 'n gesamentlike kommissie verwys vir redaksionele versorging waarna dit namens die TKK gepubliseer en geadresseer sou word. Ongelukkig het dit nooit as 'n gesamentlike getuienis verskyn nie. Die persoon wat vir 'n getuienis oor arbeid en produktiwiteit genader is, kon nog nie 'n konsep lewer nie.
- 2.4.2 Die eerste Konvent van Reformatoriese Kerke wat in Maart 1999 vergader het as 'n inisiatief vanuit die TKK, het omvangryke getuienis oor 'n verskeidenheid sake gelewer (vgl. 2.7).
- 2.4.3 Die TKK sal tydens die vierde werkswinkel (Sept. 1999) indringend aan die problematiek van 'n gemeenskaplike getuienis aandag gee, bv. wat die wyse en styl van die kerklike getuienis moet wees, asook leemtes in die effektiwiteit en spoedeisendheid van 'n gesamentlike getuienislewering. Advies van kundiges op die politiek-staatkundige terrein word ook ingewin.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 *Verskuiwings in kerklike verhoudinge (opdrag 1.3):*

In al drie Kerkgemeenskappe is daar tans besinning en raadpleging aan die gang oor die belewing van eenheid in plaaslike en sinodale verband tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Tydens die TKK-werkswinkels is inligting uitgeruil. Aangesien die proses van raadpleging nog aan die gang is, kan die Deputate op hierdie stadium nie finale advies aan die Sinode gee nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.6 *Gesprek met die APK (opdrag 1.2):*

2.6.1 'n Ontmoeting met die APK te Potchefstroom is deur die Deputate gereël. Die ontmoeting moes egter vanweë onvoorsiene omstandighede op versoek van die APK afgelas word.

2.6.2 Daar sal gepoog word om 'n ontmoeting nog in 1999 te reël of andersins vroeg in 2000.

Besluit: Kennis geneem.

2.7 *Die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika (opdrag 1.6):*

2.7.1 Die eerste Konvent het op 10 Maart 1999 plaasgevind.

2.7.2 Die volgende reformatoriese kerke was teenwoordig: Afrikaanse Protestantse Kerk, Calvinse Protestantse Kerk, Christelike Gereformeerde Kerk in SA, Free Church of Scotland, Gereformeerde Kerke in SA, Gereformeerde Kerke in SA Middellande, Gereformeerde Kerke Soutpansberg, Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika.

Kerke sonder kennisgewing afwesig:

Presbyterian Church of Africa, Reformed Church in Africa, Reformed Presbyterian Church in Southern Africa, Vrije Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Kerke met verskoning afwesig:

Church of England in South Africa, English Reformed Church of Randburg/Presbyterian and Reformed Churches in Southern Africa (1984), Rynse Sendingkerk, United Congregational Church.

Kerke wat nie hulle weg oopsien om deel te neem nie:

Verenigende Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, Presbyterian Church of Southern Africa (1987).

2.7.3 Die moderamen is saamgestel uit verteenwoordigers van die GKSA, naamlik: Voorsitter, dr. C.J. Smit, ondervoorsitter, prof. A. le R. du Plooy en skriba, dr. C.F.C. Coetzee.

2.7.4 Die Konsep Grondslag en Funksionering (kyk Acta 1997:191-192, 3.2) word gewysig en as Grondslag en Funksionering van die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika vasgestel. Die word as Bylae by hierdie Rapport aangeheg.

2.7.5 Die Konvent het 'n verklaring uitgereik oor die volgende sake na aanleiding van Beskrywingspunte wat deur die onderskeie Kerkgemeenskappe se verteenwoordigers op die agenda geplaas is: Geweld en kriminaliteit in SA; 'n oproep om 'n gees van verdraagsaamheid tydens die verkiesingstyd; armoede; aborsie; onderwys; versoening van mense en groepe met mekaar deur die verkondiging en bediening van die versoening in Christus (die APK het hulle nie vereenselwig met dié deel van die verklaring nie); skakeling met die owerheid; werksietiek; mediese dienste; verootmoediging voor die Here.

2.7.6 Die gasheerkerk vir die volgende Konvent is die NG Kerk.

2.7.7 Die kontinuïteit van die een Konvent na die volgende word deur 'n Interimkomitee gehanteer.

2.7.8 Dr. C.J. Smit is as Algemene Sekretaris van die Konvent benoem.

2.7.9 Die volgende Konvent sal DV op 8 Maart 2000 plaasvind.

Besluit: Met dank kennis geneem van die totstandkoming van die Konvent en die werk wat die Konvent doen.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode herbevestig die roeping om die eenheid en kerklike gemeenskap in Jesus Christus beter te beleef en te vergestalt, aangesien die drie Kerkgemeenskappe die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf. Die Sinode benadruk dat die noodsaaklikheid van die krities-opbouende gesprek voortdurend tot sy volle reg sal kom.

- 3.2 Naas die roeping tot kerklike eenheid beklemtoon die Sinode die noodsaaklikheid om dit wat die drie Kerkgemeenskappe gemeenskaplik het, asook terreine van konkrete samewerking, beter te benut sodat die gesamentlike getuienistaak meer tot sy reg kan kom.
- 3.3 Die Sinode oordeel dat die nuwe Deputate die inisiatief moet neem om, in oorleg met die ander twee gespreksgenote, te besin oor die moontlikheid om die gesprek uit te brei om daardeur ander kerkgemeenskappe op Gereformeerde belydenis by die gesprek te betrek.
- 3.4 Die Sinode beskou die Konvent van Reformatoriese Kerke as 'n noodsaaklike eenheidsbeleving van kerke met 'n reformatoriese belydenisgrondslag om saam die profetiese roeping ten opsigte van die owerheid en die samelewing uit te leef.
- 3.5 Die finansiële begroting vir die termyn Julie 1999 tot Junie 2000 is reeds ingedien en word as Bylae vir die oorweging deur die Sinode aangeheg. Koste verbonde aan die Konvent is nie in die begroting tot Junie 2000 opgeneem nie. Reiskoste vir drie Deputate vanaf Potchefstroom na Pretoria vir die Konvent in Maart, asook reiskoste van dr. C.J. Smit vir een Interimkomitee vergadering in Pretoria, moet in berekening gebring word.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.5 word goedgekeur. Punt 3.5 word oor koste verbonde aan die Konvent en oor die aangevraagde reiskoste verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro vir afhandeling. Die nuwe begroting moet voor 30 April 2000 by die Bestuur van die Administratiewe Buro ingehandig word (vgl. Acta 1997:452, 3.1.3).

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode benoem weer Deputate met die volgende opdrag

- 4.1.1 Sit die gesprek oor kerklike eenheid, in lyn met die opdragte en besluite sedert Sinode 1958 voort. Die Deputate moet Sinode 2003 adviseer oor die stand van die gesprek deur duidelike doelstellings vir die voortgang van die gesprek te gee.
- 4.1.2 Sit die gesprek met die APK voort in die lig van 3.3.
- 4.1.3 In die gespreksvoering met die ander Afrikaanse Kerkgemeenskappe moet die Deputate rekening hou met verskuiwings in kerklike verhoudings die afgelope dekades en die volgende Sinode hieroor adviseer.
- 4.1.4 Benut op gepaste wyse dit wat die drie Kerkgemeenskappe in gemeen het en identifiseer terreine van konkrete samewerking.
- 4.1.5 Laat skyn die lig van die Gereformeerde getuienis saam met die ander twee Kerkgemeenskappe.
- 4.1.6 Gee so gereeld moontlik inligting oor die verloop van die gesprek op die TKK en oor plaaslike samewerking aan Klassisse en Kerkrade deur.
- 4.1.7 Benoem afgevaardigdes vir die volgende Konvent en handel alle sake af oor die funksionering van die Konvent wat na hulle verwys mag word.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.7 word goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

1.1 Funksionering van die Tussenkerklike Kommissie (TKK)

- 1.1.1 In die Rapport van die Deputate (2.1) is gerapporteer oor die besluite van die TKK om die bilaterale gesprekke af te skaal ten gunste van meer gereelde en langer TKK vergaderings. In die Rapport word ook verwys na 'n vierde werkswinkel wat in September 1999 gehou sal word (2.2.4 en 2.4.3).
- 1.1.2 Nadat die Interimkomitee konsensus oor 'n datum vir die vierde werkswinkel gehad het, het dit ongeveer drie weke voor die aanvang van die werkswinkel geblyk dat die datum vir 'n groot getal van die TKK-lede van die NG en NH Kerke nie geleë was nie. Gevolglik is die vierde werkswinkel afgestel.
- 1.1.3 Tydens 'n Interimkomitee vergadering in November 1999 het die Deputate van die GKSA hulle teleurstelling oor die funksionering van die TKK die afgelope drie jaar uitgespreek. Die indruk bestaan dat daar nie erns met die besluite en beplanning van die TKK gemaak word nie. In drie

jaar is slegs drie werkswinkels gehou. Bepaalde vordering is wel in samewerking en die getuienistaak gemaak. Op die Interimkomitee is dit egter beklemtoon dat die krities-opbouwende gesprek nie verwaarloos moet word nie en dat dit in die TKK se werksaamhede steeds tot sy reg moet kom.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Gesprek met die APK*

1.2.1 'n Gesprek met die APK se Sentrale Kerke Kommissie (SKK) het in Oktober 1999 plaasgevind.

1.2.2 Tot op hede het die gesprek op die Kerkorde van die APK gefokus. Die kommentaar op die Kerkorde is tydens die laaste gesprek afgehandel.

1.2.3 Die Deputate en die SKK is van mening dat die gesprek nog moet voortgaan. In 2000 sal 'n ontmoeting gereël word; dit sal handel oor "Ons onderlinge roeping jeens mekaar in die lig daarvan dat die kerk een en ekumenies is".

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 Die Sinode spreek sy teleurstelling uit dat, ondanks die goeie voornemens en beplanning van die TKK asook die drie werkswinkels wat gehou is, daar nie bevredigende resultate uit die werksaamhede van die TKK voorgekom het nie.

2.2 Die Sinode dra dit aan die nuwe Deputate op en doen 'n beroep op die ander twee gespreksgenote in die TKK om die genoemde drie doelstellings van die TKK (vgl. Rapport 2.1.3.2 – 2.1.3.4) met erns en effektiwiteit na te strew.

2.3 Die Sinode nooi voortaan ook die APK uit om amptelik 'n groetboodskap tydens die Sinode oor te dra.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode deel die Deputate se kommer oor die feit dat daar nie bevredigende resultate uit die werksaamhede uit die TKK voorgekom het nie en spreek die ernstige hoop uit dat die werksaamhede in die toekoms op koers sal kom.

15.3 RAPPORT DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET BUITELANDSE KERKE (Artt.84, 85, 165, 195, 202)

A. Ds. H.F. van Wyk stel die Rapport.

B. Dr. D.G. Breed verwelkom twee verteenwoordigers van die CRC in die Sinode, naamlik Rev. Leonard J. Hofman en Rev. Jason Chen. Hy stel Rev. Hofman aan die woord.

C. Ds. B.C.G. Fourie rig 'n woord van dank namens die Sinode aan Rev. Hofman.

D. Ds. B. de Graaf van die Christelike Gereformeerde Kerk, ds. Johan Rogers van die Reformed Church of New Zealand, ds. Johann Joubert van die Reformed Church of Australia, ds. Bryce Taho van die Free Churches of South Africa word verwelkom.

E. Nadat hulle die geleentheid gekry het om die Sinode toe te spreek, rig dr. H.G. Stoker 'n woord van bedanking tot hulle.

F. Die versoek van ds. Joubert, naamlik dat afgevaardigdes na die Sinode van die RCA gestuur word, word verwys na die Kommissie vir Ekumenisiteit.

G. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit. Finansiële implikasies word verwys na die Finansiële Kommissies.

H. Ds. J.J. Cloete stel die Kommissierapport.

I. RAPPORT

1. Opdrag:

1.1 *Acta 1997:210*

"5. Aanwysing van Deputate

5.1 Aanbevelings:

5.1.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke.

5.1.2 Hierdie Deputate kry opdrag om:

- a) Te korrespondeer met Kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan
- b) Namens die GKSA groete oor te dra aan sulke Kerke wat uitnodigings vir afvaardiging rig
- c) Die Handeling van hierdie Sinode en inligting oor besluite wat vir hulle relevant is, aan hierdie kerke te stuur
- d) Die Handeling van hulle Sinodes aan te vra en te bestudeer met die oog op sake wat vir die GKSA van belang is.
- e) Voort te gaan om hierdie kerke na hierdie Sinodes uit te nooi, tot tyd en wyl die besluite van die Sinode van 1991 in hierdie verband uitgevoer kan word (vgl. Acta 1991:511, 4).

5.1.3 Die volgende opdrag word gekontinueer:

Die Sinode beklemtoon opnuut die ideaal van 'n volwaardige Ekumeniese Sinode en dra dit aan die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke op om die saak op te neem met kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan, met die oog op die realisering van hierdie ideaal (Acta 1994:207, 5.2.2).

5.1.4 Vergelyk verder die opdragte aan die te benoeme Deputate in verband met die CRC hieronder 2.1.6).

5.1.5 Die Sinode wys alle Deputategroepe daarop dat alle korrespondensie met buitelandse kerke deur die DKBK moet gaan.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 Acta 1997:213:

a) Die nuwe Deputate kry opdrag

i) om in ooreenstemming met onlangse korrespondensie tussen die Deputate en die CRC die korrespondensie voort te sit

ii) om al die onopgeloste vrae en aanverwante sake met die CRC te bespreek, by die volgende Sinode volledig daarvoor te rapporteer en die volgende Sinode te adviseer, om op hierdie manier die hele aangeleentheid van kerklike korrespondensie tussen CRC en die GKSA grondig te ondersoek en die volgende Sinode van advies te bedien

b) die Sinode besluit om die eersvolgende Sinode van die CRC uit te nooi om deputate/afgevaardigdes na Suid-Afrika te stuur om met die DKBK van die GKSA gesprek te voer.

Besluit: Kennis geneem.

1.3 Acta 1997:177, 181:

3.3 Oor versoek van die Reformed Churches in Botswana om engere korrespondensie met GKSA:

Die versoek word toegestaan en engere korrespondensie met die RCB word aangeknoop.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee. Die woord engere word geskrap. Die uitvoering van hierdie saak word verwys na die Deputate vir Korrespondensie Buitelandse Kerke.

Besluit: Kennis geneem.

1.4 Verklarings van afkortings wat hierna volg:

CGK	Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland
CRC	Christian Reformed Church in North America
CUCRC	Covenant Union of Christian Reformed Churches
DKBK	Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke
FCS	Free Church of Scotland
GKN(V)	Die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt)
GKN	Gereformeerde Kerken in Nederland
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
IRC	Interchurch Relations Committee (van die CRC)
NGK(N)	Nederlands Gereformeerde Kerken

OPC	Orthodox Presbyterian Church (VSA)
PCK	The Presbyterian Church in Korea
RCA	Reformed Churches of Australia
RCB	Reformed Churches in Botswana
RCJ	Reformed Church in Japan
RCNZ	Reformed Churches of New Zealand
TSP	Teologiese Skool Potchefstroom

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

2.1 Algemeen

- 2.1.1 'n Kopie van die Acta van die Nasionale Sinode te Potchefstroom van 1994 is deur die Administratiewe Buro gestuur aan alle Kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan.
- 2.1.2 Acta's van ander Sinodes is ontvang van
 - 2.1.2.1 die RCA (1997)
 - 2.1.2.2 die RCNZ (1998)
 - 2.1.2.3 die FCS (1997 en 1998)
 - 2.1.2.4 die RCJ (1998)
 - 2.1.2.5 die RCB (1998)
- 2.1.3 Agendas is van die RCNZ en CRC (1999) ontvang.
- 2.1.4 Buitelandse Kerke is op versoek van die *Studiedeputate oor Vrou in die Amp, Onderwys, Studiedeputate oor die Nagmaal, Ramings en Neergedaal na die hel* gevra om beskikbare relevante Studiestukke en Sinodebesluite aan die GKSA deur te gee. Van enkele kerke is stukke ontvang, wat aan die Studiedeputate deurgegee is.
- 2.1.5 Uitnodigings na verskeie Sinodes van buitelandse Kerke is ontvang, (bv. CGK 1998; CRC 1999; NGK 1998; PCK 1997, 1998; RCA 1997; RCJ 1998; RCNZ 1998).
- 2.1.6 Dit was moontlik dat prof. L. Floor die Sinode van 1998 van die CGK kon bywoon en dr. H.G. Stoker en ds. H.F. van Wyk die Sinode van die RCNZ. Aan die ander Sinodes is groeteboodskappe gestuur.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

U Deputate het die volgende skakeling met die onderskeie Kerke gehad:

3.1 Christelike Gereformeerde Kerken

- 3.1.1 Prof. J.M. Vorster, dr. C.J. Smit en ds. B.C.G. Fourie het tydens die vergadering van die ICRC die broeders van die CGK ontmoet. Die volgende sake is van belang:
 - 3.1.1.1 Daar is 'n behoefte aan meer persoonlike kontak op sinodale vlak
 - 3.1.1.2 Hulle gebruik die beker by die Nagmaal, hoewel dit vir hulle 'n middelmatige saak is.
- 3.1.2 Sinode: Prof. L. Floor was in Nederland tydens die Sinode en u Deputate het hom gevra om groete oor te dra. Uit sy verslag bly die volgende:
 - 3.1.2.1 Sinode Soutpansberg het ook Deputate gestuur wat die Nasionale Sinode steeds van rassisme beskuldig het. Prof. Floor het die laaste Sinodebesluit rondom die besluit van die GKSA rakende die wyse waarop Kerke mekaar in die kerkregering bystaan en waarin kerklike eenheid gestalte kry, verduidelik. Die CGK het egter ook geweet wat die ware toedrag van sake is.
 - 3.1.2.2 Die Kerke ervaar nie probleme met die wyse van Nagmaalsviering nie en daar is eenvormigheid (Friesland uitgesonderd). Daar is egter nie spanning rondom die Nagmaalsviering nie.
 - 3.1.2.3 Waardering is uitgespreek vir die GKSA se volle erkenning van die Goddelike gesag van die Skrif en die handhawing van die Belydenis.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Christian Reformed Church North America*

- 3.2.1 Daar kon nie afgevaardigdes na een van hulle Sinodes gestuur word nie omdat daar nie daarvoor begroot is nie.
- 3.2.2 Daar is een keer (12 Oktober 1998) te Pretoria samesprekings gevoer met Deputate van die CRC.
- 3.2.3 U Deputate het heelwat inligting ingewin oor die CRC, wat kortliks soos volg saamgevat kan word:
 - 3.2.3.1 Die CGK, OPC en die RCNZ het formeel bande met die CRC gebreek.
 - 3.2.3.2 Die CRC is formeel geskors uit NAPARC (North American Presbyterian and Reformed Churches). NAPARC bestaan uit sewe lede, insluitend die CRC.
- 3.2.4 Die redes vir die breek van bande skorsing uit NAPARC is hermeneuties gefundeer en kom uit onder andere in die volgende sake:
 - 3.2.4.1 Vrouens word tot die ampte toegelaat
 - 3.2.4.2 'n Homoseksuele predikant is tot die bediening toegelaat
 - 3.2.4.3 Klassisse kom met die versoek om sogenaamde “anti-Roomse” artikels uit die Belydenisskrifte te laat
- 3.2.5 Die GKSA se pad met die CRC:
 - 3.2.5.1 In 1989 het die CRC bande met die GKSA opgeskort (kyk die uitvoerige rapport Acta 1991:67-76). Die motivering was polities van aard. Die Deputate DKBK het die Deputate van die CRC daarop gewys dat die GKSA nooit die ideologie van apartheid onderskryf het nie. Verder is hulle gewys op die feit dat die GKSA die RES se “Testimony of human rights” onderskryf. Die CRC het nie hulle besluit in herooring gebring voor 1994 met die regeringsverandering in Suid-Afrika nie. Die bande is deur hulle herstel op grond van die regeringsverandering, en nie op grond van Skrif, belydenis of kerkorde nie. Die volgende is dus problematies:
 - 3.2.5.1.1 Bande word opgeskort sonder om die saak van die GKSA te hoor – dus kom die beginsel van Deuteronomium 19:15 in gedrang.
 - 3.2.5.1.2 Bande word herstel op grond van politiek en nie godsdiens nie.
 - 3.2.5.2 Die toelating van die vrou tot die besondere ampte: Die GKSA deel die kommer (oor die hermeneutiek by die saak) met al die kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan (uitgesluit die CRC) asook ten minste ses kerke binne die VSA binne die Gereformeerde tradisie.
 - 3.2.5.3 Hulle erken dat hulle nie meer eenheid tussen hulle kerke onderling het nie, maar is tevrede daarmee. Hulle motivering is dat so 'n groot kerkverband nooit op eenheid kan berus nie.
- 3.2.6 Prof. J.M. Vorster besoek die VSA gedurende Augustus 1999. Daar sal in die Aanvullende Rapport hieroor verslag gedoen word.

Besluit: Kennis geneem. Met betrekking tot punte 3.2.5.1 tot 3.2.5.1.2 blyk dit dat die verwysing na politiek as die enigste oorsaak van verbreking en herstel van bande 'n ooreenvoudiging van die probleem is.

3.3 *Free Church of Scotland*

- 3.3.1 Prof. A. le R. du Plooy het die kerke besoek en die volgende is van belang:
 - 3.3.1.1 Daar is 'n leemte oor die gemeenskaplike verstaan van die begrip “korrespondensie” en die effektiewe uitleef daarvan.
 - 3.3.1.2 Hulle voel dat die GKSA lid behoort te word van die IKGK (ICRC).
- 3.3.2 Hulle jaarboek is ontvang.
- 3.3.3 Prof. J.M. Vorster, dr. C.J. Smit en ds. B.C.G. Fourie het tydens die vergadering van die ICRC die broeders van die FCS ontmoet. Die volgende sake is van belang:
 - 3.3.3.1 Die vrou dien nie in die besondere ampte nie
 - 3.3.3.2 Hulle beskou die beker/kelkie as 'n middelmatige saak.
- 3.3.4 Die Sinodes is nie bygewoon nie aangesien daarvoor nie begroot is nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.4 *Nederlands Gereformeerde Kerken*

3.4.1 Die GKSA is genooi om die Sinode by te woon, maar hulle besef self dat dit nie prakties is nie omdat hulle vir ongeveer vier tot vyf maande op Saterdag vergader. Niemand is na die Sinode gedeputeer omdat daarvoor nie begroot is nie.

3.4.2 Geen verdere kontak of korrespondensie is gevoer nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.5 *The Presbyterian Church in Korea*

3.5.1 Prof. J.M. Vorster, dr. C.J. Smit en ds. B.C.G. Fourie het tydens die vergadering van die ICRC met die broeders van die PCK ontmoet. Die volgende sake is van belang:

3.5.1.1 Die PCK wend vrouens aan in die diens as hulp vir die diaken en evangelis. Daar is egter geen vrouens in die besondere ampte nie

3.5.1.2 Daar is geen besluit oor die beker/kelkie nie en hulle beskou dit as middelmatige saak

3.5.1.3 “Neergedaal na die hel” is deur die eerste sendelinge uitgelaat en vorm dus nie deel van hulle belydenis nie.

3.5.2 Hulle het uitnodigings stuur na hul jaarlikse Sinodes.

3.5.3 Die Sinodes is nie bygewoon nie aangesien daarvoor nie begroot is nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.6 *RCA*

3.6.1 Dr. H.G. Stoker en ds. H.F. van Wyk het samesprekings met twee predikante in Australië gehou (Rev. Peter Abetz van Willetton en Rev. Leo Douma van Sydney) asook met die Deputate wat die Sinode van Nieu-Seeland bygewoon het (Rev. David Groeneboom en Rev. Ben Aldridge). Die volgende sake is van belang:

3.6.1.1 Daar het 'n studiestuk op die Sinode gedien waarin die moontlikheid van die vrou in die diakensamp oorweeg is. Dit is nie goedgekeur nie.

3.6.1.2 Daar was spanning rondom die verdere openbaring van die Heilige Gees (dat die Kanon nie afgesluit sou wees nie). Een gemeente het kerkverband verbreek, en die RCA handhaaf die afgeslotenheid van die Kanon.

3.6.1.3 Die RCA werk in Wes-Australië saam met die Presbyterian Church, wat in die afgelope jare wegbeweeg het van die toelating van die vrou tot die besondere ampte, homoseksuele predikante asook die verdraagsaamheid teenoor Vrymesselary. Tans is die samewerking ook met die Presbyterian Church in Wes-Australië redelik goed. Suid-Afrikaanse emigrante en oud-lidmate van die GKSA sluit hoofsaaklik by hierdie kerke aan.

3.6.1.4 Daar is baie Suid-Afrikaners wat kerklik vervreem raak, skynbaar as gevolg van die gemeentes se onkunde oor kerke met wie die GKSA in korrespondensie is.

3.6.2 Hulle het die GKSA genooi na die Sinode van 1997. Niemand is gestuur nie omdat daarvoor nie begroot is nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.6.3 Aanbeveling: Bande met die RCA word behou.

Besluit: Goedgekeur.

3.7 *Reformed Churches in Botswana*

3.7.1 Korrespondensie is aangebied volgens die opdrag van die Sinode.

3.7.2 Die RCB het die korrespondensie aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

3.7.3 Aanbeveling: Korrespondensie word behou.

Besluit: Goedgekeur.

3.8 *Reformed Churches in Japan*

- 3.8.1 Prof. J.M. Vorster, dr. C.J. Smit en ds. B.C.G. Fourie het tydens die vergadering van die ICRC met die broeders van die RCJ ontmoet. Die volgende sake is van belang:
- 3.8.1.1 Die RCJ vind die skakeling met die GKSA as onbevredigend en versoek dat hulle Sinodes bygewoon word
- 3.8.1.2 Die RCJ is tans besig met studie oor die vrou in die amp
- 3.8.1.3 Die gebruik van die beker/kelkie is vir hulle 'n middelmatige saak.
- 3.8.2 Hulle het 'n versoek gerig om aktief mee te werk met die NG Kerk (SA) in sending. U Deputate het geoordeel dat daar geen probleme is nie, maar hulle versoek om die moontlikheid van samewerking op sendinggebied met die GKSA te ondersoek.
- 3.8.3 Die RCJ het die GKSA uitgenooi na die Sinodesitting. Groete is per brief oorgedra aangesien niemand gedeputeer kon word nie aangesien daarvoor nie begroot is nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.9 *Reformed Churches of New Zealand*

- 3.9.1 Prof. J.M. Vorster, dr. C.J. Smit en ds. B.C.G. Fourie het tydens die vergadering van die ICRC die broeders van die RCNZ ontmoet. Die volgende sake is van belang:
- 3.9.1.1 Hulle versoek dringend dat die Sinode van die RCNZ bygewoon moet word aangesien hulle korrespondensie as onbevredigend ervaar
- 3.9.1.2 "Neergedaal na die hel" word met 'n voetnoot verduidelik
- 3.9.1.3 Die gebruik van die beker/kelkie word aan die oordeel van die plaaslike kerk oorgelaat
- 3.9.1.4 Die vrou dien nie in die besondere dienste nie.
- 3.9.2 Daar is baie dringend versoek dat afgevaardigdes na die Sinode van 1998 gestuur word. Hoofsaak is dat baie kulturele en godsdienstige probleme ondervind is met die inskakeling van lidmate van die GKSA. U Deputate het geoordeel dat dit noodsaaklik was om afgevaardigdes te stuur, nl. dr. H.G. Stoker en ds. H.F. van Wyk. Die Bestuur van die Administratiewe Buro het die motivering aanvaar en daar is binne kerkverband gekollekteer om die koste te help dra. Die volgende sake is van belang:
- 3.9.2.1 Indringende samesprekings is op die Sinode gevoer oor die kerklike inskakeling van lidmate van die GKSA. Die historiese agtergrond is aan hulle geskets en groete is namens die GKSA oorgedra.
- 3.9.2.2 Daar is met byna al die afgevaardigdes individueel gesprek gevoer. Die resultaat is 'n baie groter begrip vir die situasie van die Afrikaner wat emigreer.
- 3.9.2.3 Hulle Sinode het besluit om te deputeer na die Sinode 2000 van die GKSA.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings

- 4.1 Daar moet dringend omgesien word na lidmate wat hulle in ander lande vestig. Kerke van wie lidmate emigreer, moet besonderhede deurgee aan die Deputate vir Ekumenisiteit (Buitelandse Kerke) met die oog op lidmate se inskakeling.

Besluit: Goedgekeur.

- 4.2 Daar is boeke deur die Presbyterian Church geskenk aan die Deputate. Die aanbeveling is dat die boeke in die Biblioteek geplaas word en nie in die Argief nie, sodat dit meer toeganklik is.

Besluit: Goedgekeur.

- 4.3 Daar word baie sterk aanbeveel dat daar in die tydperk na die volgende Sinode 'n Deputaat afgevaardig word na elke kerk met wie daar korrespondensie is. Deputasie na die RCA, RCJ en CRC behoort voorkeur te geniet.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

- 4.4 Die Sinode spreek hom uit oor voortgesette korrespondensie met die CRC en die aard daarvan op die volgende wyse

- 4.4.1 daar word voortgegaan met korrespondensie met die CRC

- 4.4.2 indringende gesprek moet met die CRC gevoer word oor hulle hermeneutiek.
- 4.4.3 In die gesprek moet van primêre gegewens van die CRC self gebruik gemaak word.
- 4.4.4 Deputate moet na die CRC se volgende Sinode afgevaardig word.
- 4.4.5 'n Skrywe moet aan die RCNZ gerig word waarin die GKSA se volle besluit in hierdie verband uiteengesit word.
- 4.4.6 *Motivering van 4.4(4.4.1 – 4.4.5)*
- 4.4.6.1 Vanweë die misverstande tussen die CRC en die GKSA oor die afgelope dekade het daar geen konkrete bewese sake na vore gekom wat 'n verhinderende vir voortgesette korrespondensie behoort te wees nie.
- 4.4.6.2 Uit die amptelike besluit van die CRC oor die opheffing van die suspensie van korrespondensie blyk dit duidelik dat die besluit nie om politieke redes geneem is nie, maar dat die GKSA se eerlike soeke na 'n groter beleving van die eenheid 'n baie pertinente rol gespeel het.
- 4.4.6.3 Vrae uit die gelede van die GKSA oor aspekte van besluite van die CRC kan teruggevoer word na die hermeneutiek. Daarom is dit noodsaaklik dat gesprekke gevoer word oor beide kerkverbande se amptelike dokumente en besluite oor die hermeneutiese beginsels onderlinggend aan Bybelvertaling.
- 4.4.6.4 Gesien die beginsel van kerklike gesprekvoering, soos gestel in Matt 18, is dit belangrik dat die GKSA hulle nie laat bedien deur sekondêre inligting oor die CRC nie, maar eerstehandse inligting bekom uit die amptelike stukke van die CRC self. Dit was in die verlede deurgaans die beleid van die GKSA in die uitoefening van korrespondensie met die kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan.
- 4.4.6.5 Ten einde die gesprek op dreef te kry is die noodsaaklik dat 'n deputaat afgevaardig word om die komende Sinode van die CRC by te woon.
- 4.4.6.6 Die Reformed Churches of New Zealand (RCNZ) is onder die indruk dat die GKSA korrespondensie met die CRC nou gaan ophef. Om verwarring op te klaar, is dit nodig dat die RCNZ amptelik ingelig word van die huidige toedrag van sake.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 Die Sinode benoem weer Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke.

Besluit: Goedgekeur.

4.6 *Hierdie Deputate kry die volgende opdrag om:*

- 4.6.1 Korrespondeer met Kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan
- 4.6.2 Dra namens die GKSA groete oor aan sulke Kerke wat uitnodigings rig vir afvaardiging
- 4.6.3 Stuur die Handeling van Sinode 2000 en inligting oor besluite wat vir hulle relevant is, aan hierdie Kerke
- 4.6.4 Vra die Handeling van hulle Sinodes aan en bestudeer dit met die oog op sake wat vir die GKSA van belang is
- 4.6.5 Gaan voort om hierdie Kerke na hierdie Sinodes uit te nooi, tot tyd en wyl die besluite van die Sinode van 1991 in hierdie verband uitgevoer kan word (vgl. Acta 1991:511, 4)

Besluit: Punte 4.6.1 tot 4.6.5 word goedgekeur.

4.6.6 Gesamentlike aanbeveling van Deputate Korrespondensie met Buitelandse Kerke en Deputate vir Ekumeniese Sake: *Die Sinode word versoek om te begroot en finansiële middele te vind om die Kerke in die buiteland te besoek met wie die GKSA in korrespondensie is (vir DKBK) asook vir besoeke aan kerke en kerklike vergaderings met wie moontlike ekumeniese bande gesluit kan word deur die GKSA (Deputate Ekumeniese Sake). Moontlik kan 'n kollekte oorweeg word.*

- 4.6.6.1 Duidelike oorhoofse beplanning t.o.v. amptelike besoeke aan Buitelandse Kerke moet gedoen word.
- 4.6.6.2 Verkieslik moet die Nasionale Sinode self sulke Deputate kies en afvaardig.
- 4.6.6.3 In besondere gevalle behoort die Deputate vir Ekumenisiteit (Buitelandse Kerke) self te besluit en te oordeel of en wie na Buitelandse Kerke gestuur moet word.

4.6.6.4 Dit word dringend noodsaaklik dat kerke in korrespondensie sal saamkom om oor gemeenskaplike sake te besin en om veral die begrip en draagwydte van “korrespondensie” aandag te gee.

Motivering: Kerke heg verskillende betekenis aan die begrip “korrespondensie”.

Besluit: Punt 4.6.6 word goedgekeur.

J. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

1.1 Die oproepe is uitgestuur na die onderskeie kerke. Afgevaardigdes van die CRC, RCNZ, RCA, CGKN het laat weet dat hulle die Sinode sal bywoon.

1.2 Prof. J.M. Vorster het die CRC besoek.

1.3 Prof. J.H. van Wyk en dr. C.J. Smit het kerke in Nederland besoek.

1.4 Daar was ‘n navraag uit Nieu-Seeland oor die hermeneutiek van een van die professore.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

2.1 Uit die verslag van prof. Vorster is dit duidelik dat daar indringende gesprekke met die CRC gevoer moet word.

2.2 Uit die verslag van prof. Van Wyk en dr. Smit blyk dit dat daar steeds verwarring is aangaande die term “korrespondensie”.

2.3 Die navraag oor die professor is na die Kuratore verwys en sal deur hulle afgehandel word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode gee aan die nuwe Deputate die opdrag om te besin oor die term *korrespondensie*. Alle kerke (met wie die GKSA korrespondensie het) se siening oor korrespondensie moet ingewin word en dan moet aan die volgende Sinode ‘n duidelik bewoorde aanbeveling gegee word.

3.2 Daar moet indringende samesprekings met die CRC gevoer word en ‘n finale verslag moet aan die Sinode van 2003 voorgelê word.

Besluit: Goedgekeur.

K. Rev. Leonard J. Hofman van die CRC spreek sy dank en waardering uit vir die besluit dat die GKSA korrespondensie met die CRC voorsit.

L. KOMMISSIERAPPORT INSAKE RCA

1. Opdrag

Rede en groete oorgebring : deur die RCA.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Na aanleiding van die groeteboodskap van die RCA en ‘n faksboodskap wat ontvang is van rev. D. Groenenboom (Sekretaris Ekumeniese Sake, RCA) het dr. Johann Joubert die Kommissie oor die volgende twee sake toegesprek:

2.1.1 Morele en finansiële hulp aan die RCA met spesifieke verwysing na die bediening van immigrante uit Suid-Afrika.

2.1.2 Afvaardiging na die Sinode van die RCA in Mei 2000.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

3.1 *Morele en finansiële hulp* (vgl. 2.1.1)

Volgens berekening het ongeveer 500 000 immigrante uit Suid-Afrika hulle in Australië gevestig. ‘n Baie

hoë persentasie van hierdie immigrante het hulle nie by die RCA gevoeg nie. Omdat dit vir die RCA 'n bron van kommer is, het hulle 'n groot poging van stapel gestuur om hierdie emigrante op te spoor en kerklik in te skakel. Omdat min Australiërs die historiese agtergrond van SA immigrante begryp, wil die RCA drie (3) predikante (twee uit die NG Kerk en een uit die Geref. Kerke) beroep om hulle met hierdie inskakeling te help. Vir hierdie doel vra hulle morele en finansiële hulp van die kerke in Suid-Afrika.

3.2 Afvaardiging na die Sinode van die RCA in Mei 2000 (vgl. 2.1.2)

'n Skriftelike uitnodiging na die Sinode van die RCA sal D.V. in Februarie 2000 ontvang word. In die lig van die immigrasie-krisis is dit vir die RCA van groot belang dat die GKSA 'n afgevaardigde hulle Sinode sal hê.

Besluit: Kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode moet besluit

4.1 Dat die GKSA die RCA moreel en finansiël ondersteun in hulle poging om immigrante uit SA kerklik in te skakel en wel op die volgende wyse:

4.1.1 Deur die RCA te verseker dat ons hulle kommer oor die immigrante deel en dat die GKSA graag in hierdie saak sal meewerk.

4.1.2 Dat 'n vrywillige bydrae van alle kerke in die GKSA vir hierdie doel gevra word en dat 'n besondere appèl gemaak word op kerke wat bewus is van emigrante-lidmate wat in Australië woon.

4.2 Dat die GKSA 'n afgevaardigde stuur na die Sinode van die RCA gedurende Mei 2000 en dat vir hierdie doel begroot word.

4.2.1 Motivering:

4.2.1.1 Die RCA benodig die GKSA se insette en morele steun in die versorging van emigrante uit SA.

Besluit: Goedgekeur.

15.4 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR SENDINGSAMEWERKING TUSSEN DIE GKSA EN BUITELANDSE KERKE (Artt.91, 203)

A. Ds. B.C.G. Fourie stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit.

C. Ds. J.J. Cloete stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. *Die Sinode maak dit deel van die mandaat van die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede om alle sake rakende sendingsamewerking tussen die GKSA en buitelandse kerke te hanteer in samewerking met die Deputate Korrespondensie Buitelandse kerke. Dit sluit in:*

1.1 *Afvaardiging na ekumeniese sendingkonferensies waarheen sendelinge van die GKSA genooi word, (bv. die Sendingkonferensies van die ICRC)*

1.2 *Advies aan plaaslike en buitelandse kerke wat sending-samewerkingsprojekte oorweeg*

1.3 *Kontak te behou met kerke wat op dieselfde Belydenisgrondslag staan by sake waarin sendingsamewerking nodig is*

1.4 *Daaroor besin of 'n dokument wat riglyne gee vir samewerkingsooreenkomste met buitelandse kerke by sending, nie noodsaaklik geword het nie.*

2. *Die Sinode wys ervare sendelinge aan om deel van hierdie Deputategroep te vorm om hierdie opdragte so effektief moontlik te hanteer.*

Motivering

1. Die afgelope aantal jare lyk dit asof daar vir die GKSA heelwat nuwe deure vir sendingprojekte oopgaan. Daar is ook verblydende blyke van nuwe belangstelling van die kant van buitelandse Gereformeerde Kerke wat nou in Suid-Afrika 'n oop deur sien om van hier af saam met ons na ander Afrikalande uit te reik.
2. In die verlede het die Sendingdeputate altyd die opdrag gehad om oor sulke samewerking advies te gee. Die vorige Sinodes het egter nie weer Sendingdeputate benoem nie. Dit het die afgelope drie jaar tog 'n leemte gelaat omdat buitelandse kerke wat saam met ons sendingwerk wil doen, nie geweet het nie waar om aan te klop vir advies oor samewerking met die GKSA in spesifieke praktiese sendingaangeleenthede.
3. Samewerking met buitelandse kerke in sendingprojekte is soms heel kompleks en verg dikwels gespesialiseerde besinning en advies wat nie deur plaaslike kerke alleen afgehandel kan word nie. Hieronder kan verwys word na buitelandse kerke (met wie ons wel kerklike korrespondensie handhaaf maar wat tog in hulle eie land 'n ander of 'n aangepaste kerkorde gebruik) en dan deur hulle sendingwerk plaaslike Gereformeerde Kerke tot stand laat kom wat in sommige opsigte effens vreemd is aan die GKSA se Kerkorde en kerklike tradisie. (Desnoods moet buitelandse sendelinge wat hier kom sendingwerk doen, verplig word 'n kort kursus oor die GKSA se Kerkorde te voltooi voor hulle hier begin werk.)
4. Sulke buitelandse kerke het soms ook 'n ietwat ander benadering tot liturgiese sake en dit kan dan verwarring skep in die geleedere van jong gelowiges wat nie kan begryp waarom die GKSA gemeentes wat op verskillende plekke deur die arbeid van die sendelinge uit verskillende lande van herkoms tot stand gekom het, soms taamlik skerp in aksente verskil nie. Hieronder kan genoem word die sendelinge van die Christelike Gereformeerde Kerke in KwaNdebele, die sendelinge van die Nederlandse Gereformeerde Kerke in Natal en die Koreaanse sendelinge van die Kosin Presbyterian Church by Verena. (Hierdie laasgenoemde kerk oorweeg om meer Koreaanse predikante as sendelinge na Suid-Afrika te stuur en wil graag saam met plaaslike Gereformeerde Kerke werk.)
5. Samewerking met kerke van onbesproke Gereformeerde Belydenis met wie ons om bepaalde historiese redes nog nie kerklike korrespondensie handhaaf nie en tog belangstel om in bepaalde sendinggebiede of sendingprojekte saam met ons te werk. Hier kan verwys word na die *Gereformeerde Gemeentes in Nederland* se goeie werk in die ou Boputhatshwana, die *Presbyterian Churches in America* (PCA) wat 'n sterk Calvinistiese Kerk is en reeds in hulle (sinodale) sendingstrukture besluit het dat hulle nou Suid-Afrika 'n belangrike doelwit in die uitbreiding van hulle sendingaktiwiteite wil maak, maar hier graag veral met multikulturele Engelssprekende gereformeedgesinde kerke wil saamwerk. Nog 'n voorbeeld is die *Heritage Netherlands Reformed Church* in die VSA en Kanada wat baie ortodoks Calvinisties en gereformeed is, maar tog nie met ons kerklike korrespondensie handhaaf nie en nou tog belang stel om moontlik in sendingprojekte saam met bestaande Gereformeerde Kerke in SA betrokke te wees.
6. Die kerkregtelike (amp-) status van buitelandse sendelinge binne die GKSA is soms nie so eenvoudig om te bepaal en te reël nie. In die lig van ons KO, artt. 3-14 en 39 is dit ook nie iets wat slegs deur plaaslike kerke behoorlik afgehandel kan word nie. Verder bepaal KO, art. 52 duidelik: *Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak (met kerke en kerklike instansies) buite die algemene sinodale verband, word in 'n algemene sinode gereël.* In die lig daarvan dat ons Algemene Sinode tans nie funksioneer nie, is die aangewese weg dat aspekte van sulke internasionale samewerking op sendinggebied deur die Nasionale Sinode se Deputate vir Ekumeniese aangeleenthede gereël moet word.
7. Verskeie buitelandse kerke funksioneer ook reeds op so 'n manier dat hulle enkele ervare sendelinge benoem om deel van hulle Deputate vir Ekumeniese aangeleenthede te vorm en dan aan sulke Deputate opdrag gee om ook sake oor sendingsamewerking met buitelandse kerke te hanteer. Die Orthodox Presbyterian Church (OPC) in die VSA is hiervan 'n duidelike voorbeeld.

8. Die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede kan ook, vanweë hulle huidige werksaamhede, moontlike pertinent belangstellende buitelandse kerke identifiseer en uitnoui om ons te kom help met die groot onvoltooide sendingtaak wat nog in Suidelike Afrika en Afrika gedoen moet word.

Samevattend

In Suidelike Afrika is die oes van ons Here steeds groot en die arbeiders min. Daar is egter op die oomblik opwindende moontlikhede van internasionale samewerking in sig; dit kan deure oopmaak om ons Gereformeerde getuienis op sendinggebied baie ver uit te brei en te verdiep. Dit is egter nodig dat die Nasionale Sinode sodanige samewerking ook versigtig deur kundige Deputate laat hanteer om seker te maak dat dit in goeie bane gelei word en nie op die ou end verwarring in ons eie geledere veroorsaak nie.

Mag die betrokke vergaderings wat verder hierdie Beskrywingspunt hanteer, die Here se wysheid ervaar en die moontlike aanvaarding en implementering daarvan 'n sinvolle bydrae lewer in die uitbreiding van sy koninkryk.

Besluit: Die Beskrywingspunt word goedgekeur.